Hersiene
Nasionale Kurrikulumverklaring
Graad R-9
(Skole)

Kuns en Kultuur

DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

Departement van Onderwys

Sol Plaatje-huis
Schoemanstraat 123
Privaatsak X895
Pretoria 0001
Suid-Afrika
Tel: +27 12 312-5911
Faks: +27 12 321-6770

Pleinstraat 120
Privaatsak X9023
Kaapstad 8000
Suid-Afrika
Tel: +27 21 465-1701
Faks: +27 21 461-8110

http://education.pwv.gov.za

© 2003 Departement van Onderwys, Pretoria

ISBN: 1-919975-22-5

Staatskoerant, nr. 23406, vol. 443, Mei 2002

Hierdie dokument moet as deel van die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole) gelees word.

Hierdie Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole) sluit in:

1. 'n Oorsig
2. Agt Leerareaverklarings:
   - Tale
   - Wiskunde
   - Natuurwetenskappe
   - Sosiale Wetenskappe
   - Kuns en Kultuur
   - Lewensoriëntering
   - Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
   - Tegnologie

HOE OM HIERDIE BOEK TE GEBRUIK

- Vir algemene inligting, verwys na:
  - *Inleiding tot die Nasionale Kurrikulumverklaring in hoofstuk 1* – Dit sal inligting oor uitkomsgebaseerde onderwys, die Hersiene Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole) en leerprogramme verskaf.
  - *Inleiding tot die Leerarea in hoofstuk 1* – Dit sal 'n inleiding tot die leerareaverklaring, die kenmerke en omvang daarvan en die leeruitkomste verskaf.
  - *Leerderassessering* – Hierdie hoofstuk verskaf riglyne ten opsigte van assesseringsbeginsels in uitkomsgebaseerde onderwys, bespreek deurlopende assessering en verskaf voorbeelde van verslaghouding.
  - Die *Naslaanlyste* bevat sowel 'n algemene woordelys vir *kurrikulum en assessering* as 'n spesifieke *leerareawoordelys*.

- Hierdie boek bestaan uit verskeie hoofstukke. Daar is een hoofstuk vir elkeen van die fases van die Algemene-Onderwys-en-Opleidingsband – die Grondslagfase, Intermediêre Fase en Senior Fase. Elkeen van hierdie hoofstukke het 'n kort inleidende gedeelte wat deur die assesseringstandaarde vir die fase gevolg word. Daar is ook 'n hoofstuk oor leerderassessering.

- Die assesseringstandaarde vir elke fase word op so 'n manier aangebied dat dit moontlik is om progressie te volg. Dit beteken dat soortgelyke assesseringstandaarde vir elke graad saam verskyn sodat die onderwyser progressie van jaar tot jaar kan nagaan. As gevolg hiervan is daar van tyd tot tyd oop ruimtes, want nie elke assesseringstandaard het 'n ooreenkomstige een in elke graad nie.

- Sekere simbole word regdeur die boek gebruik om die leser te help om inligting op te spoor.
  Hierdie simbole is:


Assesseringstandaarde


Graad


Leeruitkoms

INHOUD

HOOFSTUK 1: INLEIDING 1

INLEIDING TOT DIE NASIONALE KURRIKULUMVERKLARING 1
Uitkomsgebaseerde Onderwys 1
Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring: Leerareaverklarings 2
Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring: Leerprogramme 2
Tydstoekenning 3
Assessering 3
Die Soort Onderwyser wat in die Vooruitsig gestel word 3
Die Soort Leerder wat in die Vooruitsig gestel word 3

INLEIDING TOT DIE KUNS EN KULTUUR-LEERAREA 4
Definisie 4
Doel 4
Unieke Kenmerke en Omvang 6
Implementering 8
Leeruitkomste vir Kuns en Kultuur 10

HOOFSTUK 2: GRONDSLAGFASE (Graad R-3) 13

INLEIDING 13

LEERUITKOMSTE 14

ASSESSERINGSTANDAARDE 14
Assesseringstandaarde vir Graad R 15
Leeruitkoms 1: Skepping, Interpretasie en Aanbieding 15
Leeruitkoms 2: Besinning 17
Leeruitkoms 3: Deelname en Samewerking 18
Leeruitkoms 4: Uitdrukking en Kommunikasie 19

Assesseringstandaarde vir Graad 1-3 20
Leeruitkoms 1: Skepping, Interpretasie en Aanbieding 20
Leeruitkoms 2: Besinning 26
Leeruitkoms 3: Deelname en Samewerking 30
Leeruitkoms 4: Uitdrukking en Kommunikasie 34

HOOFSTUK 3: INTERMEDIÊRE FASE (Graad 4-6) 39

INLEIDING 39

LEERUITKOMSTE 39

ASSESSERINGSTANDAARDE 40
Assesseringstandaarde vir Graad R 42
Leeruitkoms 1: Skepping, Interpretasie en Aanbieding 42
Leeruitkoms 2: Besinning 52
Leeruitkoms 3: Deelname en Samewerking 58
Leeruitkoms 4: Uitdrukking en Kommunikasie 62

HOOFSTUK 4: SENIOR FASE (Graad 7-9) 67

INLEIDING 67

LEERUITKOMSTE 67

ASSESSERINGSTANDAARDE 68
Leeruitkoms 1: Skepping, Interpretasie en Aanbieding 70
Leeruitkoms 2: Besinning 80
Leeruitkoms 3: Deelname en Samewerking 88
Leeruitkoms 4: Uitdrukking en Kommunikasie 94

HOOFSTUK 5: LEERDERASSESSERING 99

INLEIDING 99

ASSESSERINGSBEGINSELS WAT IN UITKOMSGEBASEERDE ONDERWYS GEBRUIK WORD 100
Definisie 100
Kernelemente 100
Doelstellings van Assessering 100

DEURLOPENDE ASSESSERING 101
Kenmerke van Deurlopende Assessering 101
Assesseringstrategieë 102
Algemene Assesseringstake 102

DIE BESTUUR VAN ASSESSERING 102
Mense betrokke by Assessering 102
Skoolassesseringsprogram 102

VERSLAGHOUDING 103
Verslagboeke 103
Kodes vir Gebruik by Assessering 103
Nasionale Kodes 104
Vorderingskedules 105
Leerderprofiele 105

RAPPORTE 105
Inligting wat in Rapporte moet Verskyn 105
Rapporte 106

NASLAANLYSTE 107

WOORDELYS: KURRIKULUM EN ASSESSERING 107

WOORDELYS: KUNS EN KULTUUR 109
Algemeen 109
Dans 111
Drama 113
Musiek 115
Visuele Kunste 118


TIRISANO
WORKING TOGETHER

HOOFSTUK 1
INLEIDING

INLEIDING TOT DIE NASIONALE KURRIKULUMVERKLARING

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (Wet 108 van 1996) verskaf die grondslag vir die transformasie en ontwikkeling van die kurrikulum in Suid-Afrika. Die Aanhef tot die Grondwet verklaar die doelstellings van die Grondwet soos volg:

- heel die verdelings van die verlede en skep ’n samelewing gegrond op demokratiese waardes, sosiale geregtigheid en fundamentele menseregte;
- lê die grondslag vir ’n demokratiese en oop samelewing waarin regering op die wil van die bevolking gegrondves is en elke burger gelyk deur die reg beskerm word;
- verhoog die lewensgehalte van alle burgers en ontsluit die potensiaal van elke mens;
- bou ’n verenigde en demokratiese Suid-Afrika wat sy regmatige plek as ’n soewereine staat in die gemeenskap van nasies kan inneem.

Onderwys en die kurrikulum speel ’n belangrike rol in die verwesenliking van hierdie doelwitte. Die kurrikulum is daarop gerig om die volle potensiaal van elke leerder as burger van ’n demokratiese Suid-Afrika te ontwikkel.

Uitkomsgebaseerde Onderwys

Uitkomsgebaseerde onderwys vorm die grondslag vir die kurrikulum in Suid-Afrika. Dit strewe daarna om alle leerders in staat te stel om tot hul maksimum vermoë te presteer. Dit word gedoen deur die uitkomste wat aan die einde van die proses bereik moet word, uiteen te sit. Die uitkomste beklemtoon ’n leerdergerigte en aktiwiteitsgebaseerde benadering tot onderwys. Die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring bou die leeruitkomste vir die Algemene-Onderwys-en-Opleidingsband vir graad R-9 (vir skole) op die kritieke en ontwikkelingsuitkomste wat deur die Grondwet geïnspireer is en in ’n demokratiese proses ontwikkel is.

Die kritieke uitkomste stel leerders wat tot die volgende in staat sal wees, in die vooruitsig:

- identifiseer en los probleme op en neem besluite deur kritiese en kreatiewe denke;
- werk doeltreffend saam met ander as lede van ’n span, groep, organisasie en gemeenskap;
- organiseer en bestuur hulself en hul aktiwiteite verantwoordelik en doeltreffend;
- versamel, ontleed en organiseer inligting en evalueer dit krities;
- kommunikeer doeltreffend deur middel van visuele, simboliese en/of taalvaardighede in verskillende vorme;
- gebruik wetenskap en tegnologie doeltreffend en krities deur verantwoordelikheid teenoor die omgewing en die gesondheid van ander te toon;
- begryp dat die wêreld ’n stel verwante stelsels is waarin probleme nie in isolasie opgelos word nie.

Die ontwikkelingsuitkomste stel leerders wat ook tot die volgende in staat sal wees, in die vooruitsig:

- dink na oor en ondersoek ’n verskeidenheid strategieë om doeltreffender te leer;
- neem as verantwoordelike burgers aan die lewe van die plaaslike, nasionale en wêreldgemeenskap deel;
- is kultureel en esteties sensitief in verskeie sosiale kontekste;
- ondersoek opleidings- en beroepsmoontlikhede;
- ontwikkel entrepreneursgeleenthede.

Vraagstukke soos armoede, ongelykheid, ras, geslag, ouderdom, gestremdheid en uitdagings soos MIV/vigs beïnvloed die graad waartoe en die manier waarop leerders aan skoling kan deelneem. Die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole) volg ’n inklusiewe benadering deur minimum vereistes vir alle leerders te spesifiseer. Al die leerareaverklarings probeer om ’n bewustheid van die verband tussen sosiale geregtigheid, menseregte, ’n gesonde omgewing en inklusiwiteit te skep. Leerders word ook aangemoedig om kennis van en begrip vir die ryk diversiteit van hierdie land, insluitend die kulturele, godsdienstige en etniese komponente van hierdie diversiteit, te ontwikkel.

HERSIENE NASIONALE KURRIKULUMVERKLARING: LEERAREAVERKLARINGS

Die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole) bestaan uit ’n Oorsig en agt Leerareaverklarings vir:

- Tale
- Wiskunde
- Natuurwetenskappe
- Tegnologie
- Sosiale Wetenskappe
- Kuns en Kultuur
- Lewensoriëntering
- Ekonomiese en Bestuurswetenskappe.

Elke leerareaverklaring identifiseer die hoofleeruitkomste wat teen die einde van graad 9 bereik moet word. Elke leerareaverklaring spesifiseer ook die assesseringstandaarde wat dit moontlik sal maak om die leeruitkomste te bereik. Assesseringstandaarde word vir elke graad omskryf en beskryf die diepte en wydte van wat leerders behoort te weet en waartoe hulle in staat moet wees. Elke leerareaverklaring se assessering-standaarde toon hoe konseptuele en vaardigheidsontwikkeling oor tyd heen kan plaasvind. Assessering-standaarde kan sowel binne grade as oor grade heen geïntegreer word. Die bereiking van ’n optimale verhouding tussen integrasie oor leerareas heen (waar nodig en opvoedkundig korrek) en konseptuele progressie is sentraal tot hierdie kurrikulum.

Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring: Leerprogramme

Die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring is gerig op die bevordering van sowel toewyding as bevoegdheid onder onderwysers, wat verantwoordelik vir die ontwikkeling van hul eie leerprogramme sal wees. Ten einde hierdie proses te steun sal die Departement van Onderwys beleidsriglyne wat op elke leerareaverklaring gebaseer is, verskaf. Provinsies sal, waar nodig, verdere riglyne ontwikkel ten einde voorsiening vir diversiteit te maak.

Die onderliggende beginsels en waardes van die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring se leerarea-

verklarings is ook onderliggend aan die leerprogramme. Terwyl die leerareas die begrippe, vaardighede en waardes stipuleer wat per graad bereik moet word, spesifiseer leerprogramme die omvang van leer- en assesseringsaktiwiteite per fase. Leerprogramme bevat ook werkskedules wat die tempo en orde van hierdie aktiwiteite vir elke jaar verskaf, asook voorbeelde van lesplanne wat in enige gegewe tydperk geïmplementeer kan word.

In die Grondslagfase is daar drie leerprogramme: Geletterdheid, Gesyferdheid en Lewensvaardighede. In die Intermediêre Fase is Tale en Wiskunde afsonderlike leerprogramme. Leerprogramme moet verseker dat die voorgeskrewe uitkomste vir elke leerarea doeltreffend en volledig gedek word. Skole kan, na aanleiding van hul organisatoriese vereistes, op die aantal en aard van ander leerprogramme besluit, mits die nasionale prioriteite en ontwikkelingsbehoeftes van leerders in ’n fase in ag geneem word. In die Senior Fase is daar agt leerprogramme gebaseer op die leerareaverklarings. Die tydstoekenning vir elke leerarea word vir alle grade en fases voorgeskryf.

Tydstoekenning

Kragtens artikel 4 van die Wet op Indiensneming van Opvoeders (1998) sal die formele skooldag vir onderwysers sewe uur wees. Kragtens die Wet op Nasionale Onderwysbeleid (1996) is die formele onderrigtyd per skoolweek 35 uur. Dit word uiteengesit in:
(i) Oorsigdokument, ISBN 1-919917-68-30, bladsy 18 tot 20;
(ii) Staatskoerant, nr. 23406, vol. 443, Mei 2002, bladsy 26 en 27.

Assessering

Elke leerareaverklaring bevat ’n omvattende afdeling oor assessering. ’n Uitkomsgebaseerde raamwerk gebruik assesseringsmetodes wat uiteenlopende kontekstuele faktore omvat. Assessering behoort doeltreffende aanduidings van leerderprestasie te verskaf en behoort te verseker dat leerders kennis en vaardighede integreer en toepas. Assessering behoort leerders ook te help om hul eie prestasievlak te evalueer, om doelwitte vir vordering te stel en om verdere leer aan te moedig.

Die Soort Onderwyser wat in die Vooruitsig gestel word

Alle onderwysers en ander opvoeders lewer ’n kernbydrae tot die transformasie van onderwys in Suid-Afrika. Die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole) stel onderwysers in die vooruitsig wat gekwalifiseer, bekwaam, toegewyd en deernisvol is. Hulle sal in staat wees om die verskeie rolle wat in die Norme en Standaarde vir Opvoeders beskryf word, te vervul. Hiervolgens word onderwysers as fasiliteerders van leer, vertolkers en ontwerpers van leerprogramme en leerstof, leiers, administrateurs en bestuurders, vakkundiges, navorsers en lewenslange leerders, gemeenskapslede, burgers en beraders, assessors en deskundiges van leerareas of leerfases beskou.

Die Soort Leerder wat in die Vooruitsig gestel word

Die bevordering van waardes is nie slegs belangrik vir persoonlike ontwikkeling nie, maar ook om te verseker dat ’n nasionale Suid-Afrikaanse identiteit gebou word op waardes wat verskillend is van dié wat apartheidsonderwys onderlê het. Die soort leerder wat in die vooruitsig gestel word, is een wat met hierdie waardes besiel sal wees en wat in die belange van ’n samelewing gegrond op agting vir demokrasie, gelykheid, menswaardigheid, lewe en sosiale geregtigheid sal optree. Die kurrikulum stel in die vooruitsig ’n lewenslange leerder wat vrymoedig en onafhanklik, geletterd, gesyferd, veelvaardig en deernisvol is, met respek vir die omgewing en met die vermoë om as ’n kritiese en aktiewe burger aan die samelewing deel te neem.

INLEIDING TOT DIE LEERAREA KUNS EN KULTUUR

Definisie

Die Kuns en Kultuur-leerarea dek ’n breë reeks inheemse Suid-Afrikaanse kuns- en kultuurpraktyke. Die kunste en kultuur is ’n wesentlike deel van die lewe en omvat die geestelike, materiële, intellektuele en emosionele aspekte van mense se aktiwiteite in ’n gemeenskap.

Kultuur kom tot uitdrukking deur die kunste en deur lewenstyle, gedragspatrone, erfenis, kennis en oortuigings. ’n Kultuur is nie staties nie – dit het ’n geskiedenis en konteks en dit verander, veral wanneer dit met ander kulture in aanraking kom.

Die benadering van hierdie leerareaverklaring tot kultuur moedig leerders aan om die volgende te doen:
- beweeg weg van die passiewe oorname van kultuur tot die aktiewe deelname daaraan;
- besin skeppend oor kuns, opvoerings en kulturele gebeurtenisse;
- identifiseer die verband tussen kunswerke en kultuur;
- begryp die geografiese, ekonomiese, sosiale en geslagtelike kontekste waaruit kuns en kultuur ontstaan;
- identifiseer die verbindings tussen kulturele praktyke, mag en kulturele oorheersing;
- ontleed die invloed van tyd op kultuur en die kunste;
- begryp die unieke wyse waarop kultuur deur die kunste uitgedruk, uitgebrei en uitgedaag word.

Hierdie leerareaverklaring beweeg in sy benadering tot die kunste vanaf ’n breë ervaring, wat verskeie kunsvorme in uiteenlopende kulturele kontekste insluit, tot toenemend dieper kennis en vaardighede in graad 8 en 9. Sowel die integriteit van diskrete kunsvorme as die waarde van geïntegreerde leerervarings word erken. Die leerareaverklaring is daarop gerig om ’n balans te bewerkstellig tussen die ontwikkeling van generiese kennis van Kuns en Kultuur en die ontwikkeling van spesifieke kennis en vaardighede in elk van die kunsvorme.

Doel

Die hoofdoel van hierdie leerarea is om aan alle leerders ’n algemene opvoeding in Kuns en Kultuur te bied.

Die Kuns en Kultuur-leerarea het dit ten doel om die volgende te bewerkstellig:
- stel leerders bloot aan en bied ervarings in dans, drama, musiek, visuele kunste, (kuns-)handwerk, ontwerp, media en kommunikasie, kunsbestuur, kunstegnologie en erfenis;
- ontwikkel skeppende en innoverende individue as verantwoordelike landsburgers en volgens die waardes van demokrasie soos dit in die Grondwet van Suid-Afrika tot uiting kom;
- bied aan alle leerders toegang tot opvoeding in kuns en kultuur as deel van die regstelling van historiese wanbalanse;
- ontwikkel ’n bewustheid van nasionale kultuur, ter bevordering van nasiebou;
- vestig, ontwikkel en bevorder die kreatiwiteit van Suid-Afrikaners as ’n ryk en produktiewe bron;
- bied deur middel van kuns en kultuur aan leerders geleenthede om bruikbare vaardighede, kennis, houdings en waardes te ontwikkel wat hulle op die lewe en lewenslange leer voorberei;
- ontwikkel ’n begrip van die kunste as simboliese taal.

Die Kuns en Kultuur-leerarea poog om die volgende gelykmatig te dek:

- 'n verskeidenheid Afrika- en ander klassieke kunsvorme en kultuurgebruike – wat leerders ook aan hedendaagse tradisies en gebruike blootstel;
- vernuwende, vormende kuns- en kultuurpraktyke – wat leerders sal help om inklusiewe, oorspronklike, kontemporêre uitdrukkings van Suid-Afrikaanse kultuur te ontwikkel en om met wêreldneigings in wisselwerking te tree.

Kuns en Kultuur dra tot die holistiese ontwikkeling van alle leerders by. Dit word bereik deur aan leerders geleenthede te bied om die volgende te doen:

- ontwikkel 'n gesonde selfbeeld;
- werk saam en onafhanklik;
- erken en ontwikkel 'n begrip van Suid-Afrika se ryk en diverse kulture en erfenisse;
- ontwikkel praktiese vaardighede in die verskillende kunsvorme;
- respekteer menswaardigheid;
- ontwikkel lewenslange leervaardighede as voorbereiding op verdere onderwys en werk.

Die verband tussen die kritieke uitkomste en die leerarea

Hierdie leerareaverklaring omvat die visie wat in die twaalf kritieke uitkomste en ontwikkelingsuitkomste uitgedruk word deur die volgende te vereis:

- kritiese en kreatiewe denke, besluitneming- en probleemoplossingstrategieë wanneer kunswerke geskep, aangebied of daaroor besin word (Kritieke Uitkoms 1);
- onafhanklike kuns- en kultuurwerk wat met die breër kultuurstelsels in verband gebring word (Kritieke Uitkoms 7, Ontwikkelingsuitkoms 3);
- die gepaste seleksie van materiaal en die rangskikking van verskillende elemente in betekenisvolle gehele (Kritieke Uitkoms 4);
- die versameling en organisering van inligting oor kunstenaars, kunsgeskiedenis, kunsloopbane, erfenis en kultuurpraktyke (Kritieke Uitkoms 4);
- aandag aan die veelvuldige kommunikasievorme deur middel van verskillende kunsvorme en massamedia (Kritieke Uitkoms 5);
- deelname aan en samewerking in groep- en ensemble-werk, asook geleenthede vir individuele ontwikkeling en evaluering (Kritieke Uitkoms 2);
- wisselwerking met ontwikkelings, neigings en style vanuit 'n wye reeks kultuurpraktyke, en dus direkte wisselwerking met sosiale vraagstukke (Ontwikkelingsuitkoms 2 en 3);
- voorbereiding op werk in die kunsindustrieë en die wêreld van werk (Ontwikkelingsuitkoms 1, 4 en 5);
- ontwikkeling van kreatiwiteit, vindingrykheid en entrepreneursvaardighede (Kritieke Uitkoms 3, Ontwikkelingsuitkoms 5).

Unieke Kenmerke en Omvang

Die uniekheid van hierdie leerarea kom die beste na vore in die geleenthede wat dit bied om leerders se kreatiwiteit te voed en te ontwikkel.

Deur middel van kuns- en kultuuraktiwiteite kan ’n veilige en ondersteunende omgewing geskep word waarin leerders gedagtes, idees en begrippe in ’n atmosfeer van openhartigheid en aanvaarding verken, ervaar en uitdruk.

Die kunste help leerders om hul gevoelens en kennis uit te druk. Dit vorm die grondslag vir persoonlike voorkeure, seleksie, kritiese waardering en dus ook keuses op estetiese gebied.

Regstelling van ongelykhede

Ten einde die nalatenskap van kulturele onverdraagsaamheid reg te stel en die jeug op die toekoms voor te berei, is dit nodig dat leerders die verskeidenheid Suid-Afrikaanse kulture ervaar, begryp en bevestig.

Die ongelykhede van die verlede het tot ’n sterk invloed van internasionale kulture gelei, terwyl plaaslike kuns en kultuur swak ontwikkel en ondersteun is. Dit is nodig dat leerders die waarde van hul eie kultuur erken. Hierdie leerarea gee aandag aan hierdie ongelykhede.

Die ontwikkeling van geletterdheid

Die Kuns en Kultuur-leerarea maak die leerproses toegankliker deur die verskillende maniere waarop kinders leer, te betrek. Dit ontwikkel vanaf graad R tot graad 9, en op toenemende ingewikkeldheidsvlakke, die verskillende vorme van geletterdheid: mondeling, ouditief, visueel, ruimtelik, kinesteties en kultureel.

Leeruitkomste

Daar is vier leeruitkomste. Aangesien die leeruitkomste oorvleuel, funksioneer dit nie in isolasie nie. Die leeruitkomste dek die volgende:

- Leeruitkoms 1: skepping, interpretasie en aanbieding van kunswerke;
- Leeruitkoms 2: besinning oor kultuurpraktyke en kunsaktiwiteite;
- Leeruitkoms 3: deelname aan en samewerking in kuns- en kultuuraktiwiteite;
- Leeruitkoms 4: uitdrukking en kommunikasie deur middel van veelvuldige kunsvorme.

Assesseringstandaarde

Elkeen van die leeruitkomste stel ’n aantal assesseringstandaarde, wat die minimum vereiste is waaraan leerders in elke graad moet voldoen. Dit laat die onderwyser toe om:

- skeppend te wees in die wyse waarop die assesseringstandaarde vertolk word;
- die assesseringstandaarde uit te brei om in die verskillende behoeftes in die klas te voorsien.

Die assesseringstandaarde word duidelikheidshalwe volgens die verskillende kunsvorme geklassifiseer – dans, drama, musiek en visuele kunste. (Let Wel: Visuele kunste sluit ook handwerk en ontwerp in.) Daar is ’n verdere klassifikasie, “oorkoepelend”, wat verwys na assesseringstandaarde wat oor alle kunsvorme heen geld.

Dit is belangrik om daarop te let dat hoewel daar assesseringstandaarde vir elke kunsvorm is, die klem op Kuns en Kultuur as holistiese leerarea val, en nie op die vier diskrete kunsvorme nie. Die Kuns en Kultuur-leerprogram werk oorlading teen deur standaarde in modules rondom eenderse vaardighede en kennis te groepeer, en deur organiserende beginsels te gebruik.

Die assesseringstandaarde omskryf die vlak en progressie in elke graad. Die vlakke word deur die volgende bepaal:

- vroeëre kennis;
- die leerder se ouderdom;
- toenemend uitdagende inhoud;
- toenemend ingewikkelde take;
- toenemende leerderbevoegdheid.

Integrasie

'n Aantal assesseringstandaarde, binne en oor die leeruitkomste heen, kan terselfdertyd gedek word. Dit voorkom oorlading.

In Kuns en Kultuur word vaardighede, waardes, houdings en kennis op geïntegreerde wyse ontwikkel.

Die meeste Afrika-kunsvorme en -kultuurgebruike word geïntegreer. Sang, dans, drama, poësie en/of ontwerp is wesentlik deel van:

- sekere Afrika-genres (bv. kiba/mmapadi, mtshongolo, indlamu, tshikona, malende, domba, umbhayizelo, umxhentso);
- kinderaktiwiteite (bv. masekitlana, kgati, mampatile);
- kulturele rituele en feeste (bv. troues, inisiasies, naamgee-seremonies).

Leerders mag hierdie geïntegreerde vorme in hul onderlinge dele skei.

Westerse kunsvorme is meer geneig om diskreet te bly. Hierdie leerareaverklaring het dit ten doel om die integriteit van elke kunsvorm te respekteer en dit, waar moontlik, deur die samevoeging van afsonderlike dissiplines te integreer om nuwe uitdrukkingsvorme te skep.

Let Wel:

- Sommige van die assesseringstandaarde in die Grondslagfase van hierdie leerareaverklaring kom ook in die Tale- en Wiskunde-leerareaverklaring voor. Die doel is om integrasie te bevorder.

Organiserende raamwerk

'n Organiserende raamwerk is ontwikkel om samehang, balans en progressie aan te help. Dit neem die verhouding tussen leeruitkomste en assesseringstandaarde oor grade, fases en kunsvorme heen in ag. Die raamwerk is gegrond op vaardigheidsverwerwing, ouderdomsgeskiktheid en nasionale kwessies soos kulturele diversiteit, menseregte, omgewingsake, nasiebou, erfenis en magsverhoudings tussen wêreld- en plaaslike kulture.

Die organiserende beginsels word losweg soos volg gerangskik:

- Grondslagfase: die leerder in eie en plaaslike omgewing:
  - Graad R – fantasie en spel;
  - Graad 1 – verbeelding in die leerder en die leerder se omgewing;
  - Graad 2 – onmiddellike omgewing;
  - Graad 3 – idees, gevoelens en gemoedstemminge.

- Intermediêre Fase: fisiese, natuurlike, sosiale en kulturele omgewing:
  - Graad 4 – natuurlike en fisiese hulpmiddels;
  - Graad 5 – sintuiglike waarnemings en vorme van geletterdheid (kultureel, visueel, ruimtelik, ouditief, mondeling, kinesteties);
  - Graad 6 – groter sosiale, historiese en kulturele omgewing.

- Senior Fase: nasionale, Afrika-, en wêreldomgewing:
  - Graad 7 – menseregte, erfenis, nasiebou, verdwynende en verwaarloosde kulture;
  - Graad 8 – menseregte, kunsindustrieë, loopbane, populêre kultuur;
  - Graad 9 – plaaslike tot wêreldkultuur, tegnologieë, massamedia, magsverhoudings, bemarking.

Hierdie organiserende beginsels werk oor fases heen en word nie tot ’n bepaalde graad beperk nie. Dit verhoed die oorbeklemtoning van ’n bepaalde onderwerp deur die jaar.

Implementering

Ten einde maksimaal uit hierdie leerarea te put, is dit noodsaaklik om die onderstaande riglyne tydens implementering in gedagte te hou.

Een van die belangrikste kenmerke van die Kuns en Kultuur-leerarea is die onderlinge verband tussen die verskillende kunsvorme, en dus ook tussen die leeruitkomste en assesseringstandaarde daarvan. Dit sal teenproduktief wees en afbreek doen aan die leerarea om elkeen van die kunsvorme of assesseringstandaarde in isolasie te behandel, of om dit as onafhanklik van die kulturele konteks te benader.

Implementering moet dus in die verbindings en onderlinge verweefdheid van die verskillende leerarea-komponente gegrond word.

Daar is baie natuurlike en moontlike verbindings tussen die assesseringstandaarde oor die leerareas heen; hierdie verbande moet tydens elke fase binne die leerprogramme verken en ontwikkel word.

Voortdurende oefening

’n Ander, belangrike deel van die leerareaverklaring behels die idee dat vaardighede en begrippe in die kunste spiraalvormig ontwikkel word. Die ontwikkeling en bemeestering van tegniek in die kunste word bereik deur dit, oor ’n tydperk heen, gedurig te oefen en te herhaal. Die verwagting is dat basiese en noodsaaklike vaardighede in verskillende kunsvorme geïdentifiseer en progressief oor die grade en fases heen ontwikkel

word. Ter wille van duidelikheid en hanteerbaarheid word verskillende vaardighede of inhoudskomponente in spesifieke grade geassesseer. Dit is egter nie die enigste geleentheid dat die leerder met dié bepaalde vaardigheid in wisselwerking moet tree nie. Wanneer ’n vaardigheid geassesseer is, kan dit in die volgende grade verder uitgebrei en op voortgebou word, namate die leerder se vermoëns en volwassenheid toeneem.

Dieselfde benadering behoort met betrekking tot liggaamlike ontwikkeling in die kunste gevolg te word – naamlik die voorbereiding van die liggaam en spiere vir deelname aan aktiwiteite soos dans en sang. Onderwysers moet besluite neem oor die aard van die opwarmingsoefeninge wat vir elke les benodig word. Namate die leerder deur die grade vorder, behoort hierdie oefeninge toenemend hoër eise te stel. In Leeruitkoms 1 verskyn sommige riglyne ten opsigte van dans en drama.

Assessering in die kunste

Elke kunsvorm bied ’n ander manier van beskouing en uitdrukking, en dus verskillende sterk punte in ’n goed afgeronde opvoeding. Leerders moet aan elke kunsvorm blootgestel word sodat hulle ingeligte keuses ten opsigte van die Verdere-Onderwys-en-Opleidingsband kan maak. Leerders word dus oor alle leeruitkomste en assesseringstandaarde en in al die kunsvorme geassesseer.

Generiese en addisionele assesseringstandaarde

Die minimum vereiste vir graad 8 en 9 is dat leerders die generiese en oorkoepelende assesseringstandaarde vir elke leeruitkoms bereik. Hoewel die Algemene-Onderwys-en-Opleidingsband aan alle leerders ’n algemene onderwys verskaf, is daar ook addisionele assesseringstandaarde vir leerders wat later, in die Verdere-Onderwys-en-Opleidingsband, in een van die kunsvorme wil spesialiseer. Daar word in Leeruitkoms 1 in graad 8 en 9 vir hierdie addisionele assesseringstandaarde voorsiening gemaak. Dit sou onredelik wees om van ’n leerder te verwag om ewe bedrewe in al die kunsvorme te wees, of gelyke vaardighede en kennis in almal te verwerf. In Leeruitkoms 1 word daar dus minstens een kunsvorm gekies waarin daar diepgaande vaardighede en kennis ontwikkel sal word. Die vermoë om hierdie keuses aan te bied, sal van die skool se beskikbare hulpbronne afhang.

Die implementeringsbenadering kan soos volg opgesom word:

- Assesseringstandaarde behoort, waar moontlik, oor kunsvorme heen verbind te word en nie as afsonderlike, diskrete entiteite aangebied te word nie. ’n Aantal assesseringstandaarde moet gelyktydig gedek word.

- Leeruitkomste oorvleuel en behoort dus verbind en saam aan gewerk te word. Die ontwerp van leerprogramme behoort dit in ag te neem. Tydens implementering kan die verskillende kunsvorme, dans, drama, musiek en visuele kunste, in take en aktiwiteite geïntegreer word. “Oorkoepelende” assessering-standaarde toon hoe dit bereik kan word.

- Leeruitkomste en assesseringstandaarde kan oor leerareas heen verbind word, veral in die Grondslag- en Intermediêre Fase.

- Die spiraalontwikkeling van vaardighede en kennis kan bewerkstellig word deur telkens terug te keer na vaardighede wat reeds in vorige grade ontwikkel is, en vorentoe te kyk na vaardighede wat in die hoër grade die teiken sal wees. Aktiwiteite en take behoort vaardighede en kennis wat reeds verwerf is, in te sluit.

- In graad 8 en 9 kan leerders reeds begin om hulle voor te berei op 'n kunsvak wat hulle beoog om in die Verdere-Onderwys-en-Opleidingband te bestudeer; hulle doen dit deur addisionele assesseringstandaarde in 'n kunsvorm van hul keuse in Leeruitkoms 1 te kies.

Leeruitkomste vir Kuns en Kultuur

Die kritieke en ontwikkelingsuitkomste gee gestalte aan die soort kennis, vaardighede en waardes wat leerders in die Kuns en Kultuur-leerarea moet bereik.



Leeruitkoms 1: Skepping, Interpretasie en Aanbieding

Die leerder is in staat om werk in elk van die kunsvorme te skep, te interpreteer en aan te bied.
Om hierdie leeruitkoms te bereik, benodig die leerder uitgebreide blootstelling aan en praktiese ervaring in die kunste en kultuur, asook die geleidelike verwerwing van gepaste kennis, vaardighede, waardes en houdings in die aanbieding en nastrewing van 'n belangstelling in die kunste. Dié leeruitkoms is breed en akkommodeer persoonlike voorkeure en neigings. Dit laat die leerder toe om, teen die einde van graad 9, op verskeie maniere as kunstenaar, speler, vervaardiger, regisseur, ontwerper en/of komponis deel te neem.



Leeruitkoms 2: Besinning

Die leerder is in staat om krities en skeppend oor kuns- en kultuurprosesse, -produkte en -style in die konteks van die verlede en die hede te besin.
Die leerder moet kennis en 'n begrip van die geskiedenis van die kunste, begrippe, estetika, kultuur en erfenis opdoen. Die maniere waarop verskillende sosiale en kultuurgroepe met die kunste in wisselwerking tree en daardeur betekenis oordra, word verken en ontleed.



Leeruitkoms 3: Deelname en Samewerking

Die leerder is in staat om persoonlike en interpersoonlike vaardighede deur individuele en groepdeelname aan kuns- en kultuuraktiwiteite te toon.
Dié leeruitkoms beklemtoon die belangrikheid van persoonlike en sosiale ontwikkeling – die ontwikkeling van die vermoë om onafhanklik en saam aan aktiwiteite in die kunste te werk, en sodoende tot heling en nasiebou by te dra.



Leeruitkoms 4: Uitdrukking en Kommunikasie

Die leerder is in staat om veelvuldige vorme van kommunikasie en uitdrukking in kuns en kultuur te ontleed en te gebruik.

Hierdie leeruitkoms vereis dat die leerder die vermoë ontwikkel om kulturele uitdrukkingsnuanses te lees en te gebruik om betekenis deur middel van die kunste oor te dra. Dit behels ook vorme van kommunikasiemedia (televisie, radio, film, reklame) en die invloed daarvan op mense en gemeenskappe.


TIRISANO
WORKING TOGETHER

HOOFSTUK 2
GRONDSLAGFASE
(Graad R-3)

INLEIDING

Let Wel:

- Hierdie inleiding moet saam met die Inleiding tot die Kuns en Kultuur-leerarea in Hoofstuk 1 gelees word.

In die Grondslagfase word die organiserende beginsels aanpasbaar rondom "die leerder in sy of haar eie en plaaslike omgewing" georden.

Die leerder ontwikkel kreatiewe vaardighede deur werklike of denkbeeldige ervarings te verken; sulke verkennings begin telkens by die self en vorder tot die gebruik van idees uit die onmiddellike omgewing. Teen die einde van die fase val die klem daarop dat die leerder uitdrukkingsvorme vir idees, gevoelens en gemoedstemminge vind.

Integrasie van die Leerprogram

In die Grondslagfase behoort die Kuns en Kultuur-leerarea geïntegreer te word in al drie leerprogramme: Gesyferdheid, Geletterdheid en Lewensvaardighede. Baie van die assesseringstandaarde is geskik vir elkeen van die leerprogramme. 'n Paar voorstelle volg:

- Leerprogram vir Gesyferdheid:
  - Visuele Kunste – vorm, gestalte, patroon;
  - Musiek – simbole, waardes, ritme, tyd, duur;
  - Dans – vorm, tel, getalle, hoeveelhede, afstand, grootte, vlakke, rigting.

- Leerprogram vir Geletterdheid:
  - Drama – spraak, sintuiglike waarneming, mondelinge vaardighede, storievertelling, karakterisering;
  - Visuele Kunste – visuele en ruimtelike waarneming, patroonvorming, klein motoriese koördinasie, vorm, kleur, kontras, vorm, tekstuur;
  - Musiek – luister-, stem-, ouditiewe waarneming;
  - Dans – woordeskat, groot motoriese koördinasie.

- Leerprogram vir Lewensvaardighede:
  - Dans – groot motoriese koördinasie, liggaamsbeheer, balans, stamina, krag, verbeelding, ruimtelike waarneming, kinestetiese waarneming;
  - Drama – fantasie, verbeelding, rolspel, konsentrasie, fokus, interpersoonlike en intrapersoonlike vaardighede;
  - Kultuur – geloof, seremonies, identiteit, rolspel, bekende huishoudelike roetines;

- Musiek – groot en klein motoriese koördinasie, verbeelding, ritme, musiekvaardighede, ouditiewe waarneming;
- Visuele Kunste – visueel-ruimtelike waarneming, handwerkvaardighede, klein motoriese koördinasie, uitdrukking, verbeelding.

LEERUITKOMSTE

Leeruitkoms 1: Skepping, Interpretasie en Aanbieding

Die leerder is in staat om werk in elk van die kunsvorme te skep, te interpreteer en aan te bied.

Leeruitkoms 2: Besinning

Die leerder is in staat om krities en skeppend oor kuns- en kultuurprosesse, -produkte en -style in die konteks van die verlede en die hede te besin.

Leeruitkoms 3: Deelname en Samewerking

Die leerder is in staat om persoonlike en interpersoonlike vaardighede deur individuele en groepdeelname aan kuns- en kultuuraktiwiteite te toon.

Leeruitkoms 4: Uitdrukking en Kommunikasie

Die leerder is in staat om veelvuldige vorme van kommunikasie en uitdrukking in kuns en kultuur te ontleed en te gebruik.

ASSESSERINGSTANDAARDE

In die volgende afdelings verskyn die assesseringstandaarde vir elke leeruitkoms vir graad R tot 3.

Let Wel:

- Onderwysers moet onthou dat nie alle leerders graad R bygewoon het nie. Begrippe, vaardighede en strategieë vir graad R moet dus in graad 1 onderrig en vasgelê word.
- Assesseringstandaarde wat met ❖ aangedui is, oorvleuel en kan vir sowel Geletterdheid as Gesyferdheid gebruik word.

Graad R

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om spel, fantasie en verbeelding te gebruik om die vaardighede en kennis waarmee die kunste geskep en aangebied word, te ontwikkel.*

Leeruitkoms 1

SKEPPING, INTERPRETASIE EN AANBIEDING

Die leerder is in staat om werk in elk van die kunsvorme te skep, te interpreteer en aan te bied.

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Dans

- Voer spelenderwys eenvoudige groot en klein motoriese bewegings uit, insluitend om die middellyn oor te steek.
- Verken deur middel van spel, fantasie en verbeelding ’n wye verskeidenheid bewegingswoorde, -ritmes en tempoveranderings.
- Neem deel aan eenvoudige danse wat op formasies en patrone gebaseer is.

Drama

- Gebruik stem en beweging spontaan wanneer skeppende dramaspeletjies gespeel word.
- Neem deel aan opgemaakte situasies wat op verbeelding, fantasie en lewenservaring gebaseer is.

Graad R

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om spel, fantasie en verbeelding te gebruik om die vaardighede en kennis waarmee die kunste geskep en aangebied word, te ontwikkel.*

Leeruitkoms 1 Vervolg

SKEPPING, INTERPRETASIE EN AANBIEDING

Die leerder is in staat om werk in elk van die kunsvorme te skep, te interpreteer en aan te bied.

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Musiek

- ❖ Sing en beweeg skeppend volgens kinderrympies wat in die eie omgewing voorkom.
- Gebruik beweging om op 'n verskeidenheid ritmes en tempoveranderings in klanke, liedjies en verhale te reageer.

Visuele kunste

- Skep vrylik en in verskeie media beelde van eie wêreld.
- ❖ Gebruik spel en fantasie in twee- en driedimensionele werk.
- Verken en eksperimenteer op spontane en skeppende wyse met 'n wye verskeidenheid kunsmateriaal, tegnieke (insluitend afvalmateriaal) en kleur.
- Gebruik en koördineer motoriese vaardighede in praktiese werk en spel (bv. die gepaste hantering van 'n skêr, gomaanwender, verfkwas en tekeninstrumente).

Graad R

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om oor kunswerk wat op die self en eie omgewing fokus, na te dink en daarop te reageer.*

Leeruitkoms 2

BESINNING

Die leerder is in staat om krities en skeppend oor kuns- en kultuurprosesse, -produkte en -style in die konteks van die verlede en die hede te besin.

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Dans

- Gebruik aksiewoorde om oor eie danse te praat.

Drama

- Dink na oor en wys hoe mense en diere beweeg.
- Gebruik konkrete voorwerpe om ander voorwerpe in dramatiese spel voor te stel.

Musiek

- ❖ Boots ’n verskeidenheid natuurlike klanke in eie omgewing na.
- ❖ Onderskei tussen ’n praatstem en ’n sangstem.

Visuele Kunste

- Praat oor eie kunswerk, deel dit met ander en vertel stories daaroor.

Graad R

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat tot deelname aan en samewerking in kunsaktiwiteite om in die eie omgewing 'n bewustheid van self en ander te ontwikkel.*

Leeruitkoms 3

DEELNAME EN SAMEWERKING

Die leerder is in staat om persoonlike en interpersoonlike vaardighede deur individuele en groepdeelname aan kuns- en kultuuraktiwiteite te toon.

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Dans

- ❖ Reageer op bewegingsinstruksies in 'n ruimte sonder om teen ander te stamp of hulle seer te maak terwyl daar vorentoe en agtertoe beweeg word.

Drama

- Neem deel aan dramaspeletjies – neem beurte, wag vir en reageer op tekens, en deel ruimte.
- Begin empatie ontwikkel deur 'n verskeidenheid bekende rolle te speel.

Musiek

- Bring liedjies van die huis af en deel dit met ander.

Visuele Kunste

- Toon aktiewe betrokkenheid by individuele en groepaktiwiteite om kuns te maak en 'n vermoë om toerusting vir die maak van kuns te deel.

Graad R

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om persoonlike stories en reaksies op stories en idees in die eie omgewing te verken, uit te druk en oor te dra.*

Leeruitkoms 4

UITDRUKKING EN KOMMUNIKASIE

Die leerder is in staat om veelvuldige vorme van kommunikasie en uitdrukking in kuns en kultuur te ontleed en te gebruik.

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Dans

- ❖ Druk idees en stories skeppend deur middel van gerigte bewegingsaktiwiteite met ’n oop einde uit.

Drama

- Dra gevoelens en idees deur middel van gesigsuitdrukkings en gebare oor.
- Skep byklanke vir stories wat die onderwyser vertel.

Musiek

- Luister en beweeg skeppend op musiek, stories, liedjies en klanke.

Visuele Kunste

- Reageer op wat in die eie natuurlike en geboude omgewing gesien, waargeneem en ervaar word.

Graad 1

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om vaardighede en kennis te ontwikkel deur die verkenning en ervaring van kuns wat op die self en eie omgewing gebaseer is.*

Leeruitkoms 1

SKEPPING, INTERPRETASIE EN AANBIEDING

Die leerder is in staat om werk in elk van die kunsvorme te skep, te interpreteer en aan te bied.

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Dans

- Bou eie bewegingswoordeskat op deur die gebruik van:
  - ❖ lokomotoriese bewegings, soos stap, hardloop, spring en galop;
  - ❖ aksiale (as-) bewegings, soos draai, rol, val, swaai, uitreik, buig, styg, strek, stamp en skop;
  - ❖ die verkenning van bewegingsmoontlikhede van verskillende liggaamsdele;
  - bewegingsidees uit eie omgewing;
  - die samevoeging van bewegings in bewegingsinne, soos hardloop-stop-strek-draai-val.

- ❖ Demonstreer deur middel van beweging ’n begrip van getalle en eenvoudige geometriese vorms, soos sirkels, lyne, hoeke en vierkante.

Drama

- ❖ Neem deel aan eenvoudige dialoog- en aksiereekse wat op bekende ervarings in die eie gesin of gemeenskap gebaseer is.

- ❖ Reageer deur middel van drama op stimuli in speletjies en stories, insluitend om eindes vir stories wat die onderwyser vertel, uit te dink.

Graad 2

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om vaardighede en kennis te ontwikkel om kunsaktiwiteite wat op idees uit die onmiddellike omgewing gebaseer is, te skep en aan te bied.*

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Dans

- Demonstreer akkuraat die agt basiese lokomotoriese bewegings (stap, hardloop, huppel, hop, opspring, spring, galop, gly) terwyl daar vorentoe, sywaarts, agtertoe, dwars en in ’n draai beweeg word.
- ❖ Herken en verken teenoorgesteldes wat in die onmiddellike omgewing voorkom (bv. maak met die liggaam groot en klein vorms, hoë en lae vorms).
- Leer eenvoudige danspassies uit danse in die onmiddellike omgewing en voer dit op.

Drama

- Word spelenderwys die karakters en voorwerpe in stories wat op plaaslike gebeurtenisse gebaseer is of deur die onderwyser vertel word.
- Gebruik, met die onderwyser se leiding, temas of onderwerpe uit die omgewing in dramatiese spel.

Graad 3

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om vaardighede en kennis te ontwikkel om idees, gevoelens en gemoedstemmings deur die skep en aanbieding van kunswerk uit te druk.*

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Dans

- Toon, as deel van die liggaamsvoorbereiding, die vermoë om ’n goeie postuur te handhaaf wanneer daar gesit of gestaan word.
- Land sagkens en veilig na spronge en hoppe deur die voete te artikuleer (toon-hak-buig) en die knieë te buig.
- ❖ Verken ’n verskeidenheid bewegings, teenoorgesteldes en kontekste om bewegingsinne op te maak.

Drama

- Voer eenvoudige ontspanningsoefeninge uit om op te warm of af te koel.
- ❖ Gebruik waarnemings-, nabootsings- en oordrywingsvaardighede om karakter en gemoedstemming in dramatiese spel en oefeninge te skep.

Graad 1

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om spel, fantasie en verbeelding te gebruik om die vaardighede en kennis waarmee die kunste geskep en aangebied word, te ontwikkel.*

Leeruitkoms 1 Vervolg

SKEPPING, INTERPRETASIE EN AANBIEDING

Die leerder is in staat om werk in elk van die kunsvorme te skep, te interpreteer en aan te bied.

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Musiek

- Klap en stamp getalleritmes en -rympies op ’n tempo uit.
- Behou ’n vaste maatslag wanneer ’n liedjie begelei word.
- Sing getalle- en letterliedjies en -rympies.
- Sing wysies ritmies en teen wisselende tempo’s en toonsterkte.

Visuele Kunste

- Raak betrokke by skeppende kunsprosesse:
  - bied beelde van eie wêreld in verskillende media aan;
  - gebruik die sintuie en emosies in die verkenning van ontwerpselemente, met die klem hoofsaaklik op kleur en lyn.
- Ontdek eenvoudige geometriese vorms, soos sirkels, lyne, driehoeke en vierkante, en kombineer en rangskik dit in patrone.

Graad 2

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om spel, fantasie en verbeelding te gebruik om die vaardighede en kennis waarmee die kunste geskep en aangebied word, te ontwikkel.*

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Musiek

- ❖ Demonstreer fundamentele maatslae en gebruik liggaamsperkussie, slaginstrumente en beweging om ritmes uit die onmiddellike omgewing na te boots.
- Sing liedjies wat uit die onmiddellike omgewing kom.

Visuele Kunste

- ❖ Verken die onmiddellike omgewing met behulp van die elementêre funksies van lyn, vorm, kleur en kontras in tweedimensionele en driedimensionele werk.
- ❖ Identifiseer en gebruik patrone in die onmiddellike omgewing deur verskillende materiaal in georganiseerde reekse/sekwensies te gebruik en met mekaar te kombineer.

Graad 3

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om spel, fantasie en verbeelding te gebruik om die vaardighede en kennis waarmee die kunste geskep en aangebied word, te ontwikkel.*

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Musiek

- ❖ Demonstreer die verskil tussen hardloop-, loop- en springnote, en die stygende en dalende volgorde van note.
- Sing liedjies en maak musiek om ’n verskeidenheid idees, gevoelens en gemoedstemminge uit te druk.

Visuele Kunste

- ❖ Gebruik gepaste en bekombare materiaal om kunswerke te skep waarin eie idees, gevoelens en persepsies in tweedimensionele en driedimensionele werk oorgedra word, en waarin die fokus val op:
  - lyn, toon, tekstuur, ruimtelike ordening, kontras, komposisie;
  - die vermenging van primêre en sekondêre kleure.
- Deel en stal werk uit

Graad 1

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om spel, fantasie en verbeelding te gebruik om die vaardighede en kennis waarmee die kunste geskep en aangebied word, te ontwikkel.*

Leeruitkoms 1 Vervolg

SKEPPING, INTERPRETASIE EN AANBIEDING

Die leerder is in staat om werk in elk van die kunsvorme te skep, te interpreteer en aan te bied.

Assesseringstandaarde

(Daar is geen verdere assesseringstandaarde vir hierdie leeruitkoms in graad 1 nie.)

Graad 2

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om spel, fantasie en verbeelding te gebruik om die vaardighede en kennis waarmee die kunste geskep en aangebied word, te ontwikkel.*

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Oorkoepelend

- Reageer op stories, speletjies, prente, gedigte en kulturele ervarings uit die onmiddellike omgewing as stimuli vir voorstelling in enige kunsvorm.

Graad 3

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om spel, fantasie en verbeelding te gebruik om die vaardighede en kennis waarmee die kunste geskep en aangebied word, te ontwikkel.*

Assesseringstandaarde

(Daar is geen verdere assesseringstandaarde vir hierdie leeruitkoms in graad 3 nie.)

Graad 1

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om na te dink oor en te reageer op kuns- en kultuuraktiwiteite wat ontwerp is om 'n bewustheid van eie kreatiwiteit, verbeelding en moontlikhede te stimuleer.*

Leeruitkoms 2

BESINNING

Die leerder is in staat om krities en skeppend oor kuns- en kultuurprosesse, -produkte en -style in die konteks van die verlede en die hede te besin.

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Dans

- ❖ Reageer met beweging op fantasie-idees.

Drama

- Gebruik denkbeeldige voorwerpe in dramatiese spel.
- Begin verskille sien tussen die self en die rol wat vertolk word.

Musiek

- ❖ Eksperimenteer met verskillende klanke as byklanke vir fabels en stories.
- ❖ Onderskei tussen hoë en lae, lang en kort, harde en sagte klanke.

Graad 2

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om met behulp van gepaste terme oor kuns- en kultuur-aktiwiteite in die onmiddellike omgewing te besin en daarop te reageer.*

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Dans

- ❖ Deel menings oor die plek, dansers en inhoud van danse wat die leerder gesien het.

Drama

- ❖ Druk gevoelens in reaksie op ’n drama, storie of gebeurtenis uit en beskryf dit.
- Onderskei tussen die verskillende karakters in ’n storie en hul standpunte.

Musiek

- ❖ Identifiseer en sing liedjies uit verskillende situasies en praat daaroor (bv. liedjies om tydens werk en speletjies te sing).
- Luister na en reageer deur middel van beweging op hardloop- en huppelnote uit die onmiddellike omgewing.

Graad 3

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om kunsprosesse en die wyse waarop kunswerke idees, gevoelens en gemoedstemminge uitdruk, te herken en daaroor te besin.*

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Dans

- ❖ Identifiseer hoe gevoelens en gemoedstemming deur middel van die liggaam en gesig, asook die gebruik van energie en die keuse van bewegings, uitgedruk word.

Drama

- Praat oor die dinge in dramas, advertensies, radioprogramme, video’s en films waarvan die leerder hou en nie hou nie.
- Praat oor stories en dramas wat die leerder al gesien of gehoor het en bring dit in verband met bekende situasies.

Musiek

- ❖ Verduidelik hoe tempo, duur en dinamika in liedjies en musiek gebruik word om gevoelens en gemoedstemming uit te druk.
- ❖ Luister na en stel loop-, hardloop- en huppelnote grafies in terme van lae, middel en hoë toonhoogte voor.

Graad 1

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om na te dink oor en te reageer op kuns- en kultuuraktiwiteite wat ontwerp is om 'n bewustheid van eie kreatiwiteit, verbeelding en moontlikhede te stimuleer.*

Leeruitkoms 2
Vervolg

BESINNING

Die leerder is in staat om krities en skeppend oor kuns- en kultuurprosesse, -produkte en -style in die konteks van die verlede en die hede te besin.

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Visuele Kunste

- Verduidelik wat in eie kunswerk oorgedra word en wat na die leerder se mening in ander se kunswerk oorgedra word.

Oorkoepelend

- Vertolk woorde, gedigte, stories en idees deur middel van spel, fantasie en die verbeelding.

Graad 2

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om met behulp van gepaste terme oor kuns- en kultuur-aktiwiteite in die onmiddellike omgewing te besin en daarop te reageer.*

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Visuele Kunste

- Bespreek en bied menings aan oor eie en ander se kunswerk, artefakte en handwerk wat in die onmiddellike omgewing voorkom.

Oorkoepelend

- Beskryf sommige kenmerke van ’n gebeurtenis, viering of fees in die onmiddellike omgewing.

Graad 3

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om kunsprosesse en die wyse waarop kunswerke idees, gevoelens en gemoedstemminge uitdruk, te herken en daaroor te besin.*

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Visuele Kunste

- Gebruik basiese kunsterminologie om te verduidelik hoe inhoud, lyn, kleur en vorm gebruik word om gevoelens en gemoedstemming in komposisies uit te druk.

Graad 1

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om verbeeldingryk in 'n veilige omgewing aan kunsaktiwiteite deel te neem en saam met ander daaraan te werk.*

Leeruitkoms 3

DEELNAME EN SAMEWERKING

Die leerder is in staat om persoonlike en interpersoonlike vaardighede deur individuele en groepdeelname aan kuns- en kultuuraktiwiteite te toon.

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Dans

- ❖ Reageer deur middel van beweging op beelde en volg opdragte en tekens soos "stop", "begin", "vries", "handbeheer", "moenie stamp nie" en "vind 'n ruimte".

Drama

- Toon die vermoë om 'n rol in 'n drama, wat deur die onderwyser gestimuleer word, te vertolk.

- Neem deel aan drama-oefeninge wat op veiligheid, vertroue en die aanvaarding van ander se behoeftes fokus.

Musiek

- Neem deel aan "vraag-en-antwoord"-musiekspeletjies en -aktiwiteite.

- Speel ritme-, klap-, huppel- en sangspeletjies saam met 'n maat.

Graad 2

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om aan kuns- en kultuuraktiwiteite wat op die onmiddellike (plaaslike) omgewing fokus, deel te neem en saam met ander daaraan te werk.*

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Dans

- Beweeg vrylik en gemaklik deur ruimte, sowel binne as buite, terwyl afgespreekte fisieke, mondelinge en klankseine nagekom word.

Drama

- Werk saam met ’n maat in ’n rol en ruil rolle om in ’n dramatiese toneelstuk wat deur die onderwyser gelei word.
- Gebruik gebeurtenisse en ervarings uit eie lewe as grondslag vir ’n dramatiese toneel.

Musiek

- ❖ Eggo ’n ritme deur middel van liggaams-perkussie of speel ’n slaginstrument as begeleiding vir liedjies wat saam gesing word.

Graad 3

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om aan kuns- en kultuuraktiwiteite deel te neem en saam met ander daaraan te werk en om gevoelens, gemoed-stemming en keuses te erken.*

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Dans

- Verken, selekteer en verbind bewegings wat gevoel en gemoedstemming in bewegingsinne uitdruk om sodoende tot ’n klasdans by te dra.

Drama

- Werk saam met ander om situasies in ’n rol te verken.
- Neem deel aan drama-oefeninge wat op luister, reageer, inisieer of konsentreer gebaseer is.

Musiek

- ❖ Sing liedjies, rondeliedjies en kanons (kettingliedjies) in ’n koor om gevoel en gemoedstemming uit te druk.
- Stap, hardloop, spring en wieg op die maatslag van liedjies wat klasmaats sing en die musiek waarna geluister word.

Graad 1

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om verbeeldingryk in 'n veilige omgewing aan kunsaktiwiteite deel te neem en saam met ander daaraan te werk.*

Leeruitkoms 3 Vervolg

DEELNAME EN SAMEWERKING

Die leerder is in staat om persoonlike en interpersoonlike vaardighede deur individuele en groepdeelname aan kuns- en kultuuraktiwiteite te toon.

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Visuele Kunste

- Neem deel aan kunsaktiwiteite wat die keuse en organisasie van materiaal behels en skenk aandag aan veiligheid en verantwoordelike gedrag in die werkruimte.

Oorkoepelend

- Neem besluite, maak keuses en volg opdragte in kunsaktiwiteite.

Graad 2

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om aan kuns- en kultuuraktiwiteite wat op die onmiddellike (plaaslike) omgewing fokus, deel te neem en saam met ander daaraan te werk.*

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Visuele Kunste

- Neem met selfvertroue deel aan die beplanning van gesamentlike kunswerke.

Oorkoepelend

- Luister na en deel verskillende en eenderse kultuurervarings.
- Toon gepaste gehoor- of toeskouergedrag terwyl daar na opvoerings en uitstallings gekyk word.

Graad 3

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om aan kuns- en kultuuraktiwiteite deel te neem en saam met ander daaraan te werk en om gevoelens, gemoedstemming en keuses te erken.*

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Visuele Kunste

- Identifiseer en beplan kunswerke om probleem-oplossing, konflikhantering en genot te toon.

Oorkoepelend

- Werk alleen en saam met ’n maat, en respekteer ander se gevoelens.

Graad 1

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om verbeelding en fantasie te gebruik om idees te verken, te ervaar en te kommunikeer.*

Leeruitkoms 4

UITDRUKKING EN KOMMUNIKASIE

Die leerder is in staat om veelvuldige vorme van kommunikasie en uitdrukking in kuns en kultuur te ontleed en te gebruik.

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Dans

- ❖ Verken konsonant- en vokaalklanke en getalle, asook fantasie, deur middel van beweging en bewegingspeletjies.

Drama

- ❖ Verken die vorm, gewig en gevoel van woorde en klanke in kreatiewe dramaspeletjies.
- Beeld karakters en voorwerpe in stories deur middel van liggaamsvorms en klanke uit.

Musiek

- Gebruik eie verbeelding en fantasieverhale om klanke te skep.

Graad 2

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om idees en begrippe uit die onmiddellike omgewing te verken, uit te druk en te kommunikeer.*

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Dans

- Verken bewegingskenmerke van diere, mense, masjiene en die natuur.

Drama

- Boots alledaagse aktiwiteite deur middel van eenvoudige mimiek na.
- ❖ Gebruik poppespel, geanimeerde klippe, mieliekoppe of ander voorwerpe in dramatiese spel om eie idees en gevoelens uit te druk.

Musiek

- ❖ Boots natuurlike en meganiese klanke na om byklanke te skep.

Graad 3

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om sintuiglike gewaarwordinge te verken om idees, gevoelens en gemoedstemming te kommunikeer en te vertolk.*

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Dans

- Beweeg op verskillende maniere om dieselfde idee, gevoel of gemoedstemming uit te druk.
- ❖ Vertolk beelde, klanke en teksture deur middel van beweging.

Drama

- Gebruik die stem, gebare en liggaamsvorms om gevoelens en gedagtes uit te druk.
- Neem deel aan drama-oefeninge met die klem op sintuiglike waarneming en assosiasies.

Musiek

- ❖ Gebruik tempo, herhaling en dinamika om deur middel van musiek atmosfeer te skep en gevoelens te ontlok.

Graad 1

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om verbeelding en fantasie te gebruik om idees te verken, te ervaar en te kommunikeer.*

Leeruitkoms 4
Vervolg

UITDRUKKING EN KOMMUNIKASIE

Die leerder is in staat om veelvuldige vorme van kommunikasie en uitdrukking in kuns en kultuur te ontleed en te gebruik.

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Visuele Kunste

- Gebruik die verbeelding en fantasie om vorms, figure, lyne, kleure en patrone te verken.
- Skep persoonlike visuele response op eie fantasiewêreld.

Graad 2

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om idees en begrippe uit die onmiddellike omgewing te verken, uit te druk en te kommunikeer.*

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Visuele Kunste

- Verken, ervaar en kommunikeer op skeppende wyse die patrone en teksture wat in die onmiddellike en geboude omgewing voorkom.

Oorkoepelend

- Praat oor wat die leerder in die eie omgewing gesien en gehoor het wat vir hom of haar betekenisvol is.

Graad 3

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om sintuiglike gewaarwordinge te verken om idees, gevoelens en gemoedstemming te kommunikeer en te vertolk.*

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Visuele Kunste

- Eksperimenteer in verskillende media met kleur, lyn, tekstuur, toon, vorm en ruimte in twee dimensies en drie dimensies om gemoedstemming, gevoelens en idees uit te druk.


TIRISANO
WORKING TOGETHER

HOOFSTUK 3
INTERMEDIÊRE FASE
(Graad 4-6)

INLEIDING

Let Wel:

- Hierdie inleiding moet saam met die Inleiding tot die Kuns en Kultuur-leerarea in Hoofstuk 1 gelees word.

In die Intermediêre Fase word kreatiewe verkenning en uitdrukking uitgebrei om die gebruik van hulpbronne en hulpmiddels uit die natuurlike, fisiese, sosiale en kulturele omgewing in te sluit.

Die leerder se bewustheid van die breër sosiale en kulturele omgewing word verder ontwikkel. Die leerder word aangemoedig om met natuurlike en gevonde hulpbronne te werk. Die grondslag word gelê vir die ontwikkeling van kunsvaardighede en -kennis. Die leerder tree in wisselwerking met die vele ontwerpselemente en vorme van geletterdheid wat die kunste onderlê.

Die woordeskat wat nodig is vir 'n bespreking van kunswerke en kultuurpraktyke word verwerf. Die leerder verken en ondersoek kunswerke uit Suid-Afrika se verlede en hede, en erken en reageer op kulturele diversiteit.

Verbande met al die ander leerareas kan deur middel van die leerprogramme verken en geïmplementeer word.

LEERUITKOMSTE

Leeruitkoms 1: Skepping, Interpretasie en Aanbieding

Die leerder is in staat om werk in elk van die kunsvorme te skep, te interpreteer en aan te bied.

Leeruitkoms 2: Besinning

Die leerder is in staat om krities en skeppend oor kuns- en kultuurprosesse, -produkte en -style in die konteks van die verlede en die hede te besin.

Leeruitkoms 3: Deelname en Samewerking

Die leerder is in staat om persoonlike en interpersoonlike vaardighede deur individuele en groepdeelname aan kuns- en kultuuraktiwiteite te toon.

Leeruitkoms 4: Uitdrukking en Kommunikasie

Die leerder is in staat om veelvuldige vorme van kommunikasie en uitdrukking in kuns en kultuur te ontleed en te gebruik.

ASSESSERINGSTANDAARDE

In die volgende afdelings verskyn die assesseringstandaarde vir elke leeruitkoms vir graad 4 tot 6.

Let Wel:

- In Leeruitkoms 1 verwys “interpreteer” en “vertolk” na die leer en aanbieding van ’n bestaande toneelstuk, gedig, lied, dans of musiekstuk.


TIRISANO
WORKING TOGETHER

Graad 4

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om vaardighede en kennis te ontwikkel om kunsaktiwiteite deur middel van die liggaam, stem, asook natuurlike en gevonde hulpbronne, te skep en aan te bied.*

Leeruitkoms 1

SKEPPING, INTERPRETASIE EN AANBIEDING

Die leerder is in staat om werk in elk van die kunsvorme te skep, te interpreteer en aan te bied.

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Dans

- Volg ’n onderwysergeleide opwarmings- en vaardigheidontwikkelingsritueel om die liggaam voor te berei, met aandag aan liggaamlike veiligheid, byvoorbeeld:
  - knieë vorm ’n lyn met die tone wanneer gebuig word;
  - voetartikulasie (toon-hak-buig) en kniebuiging wanneer daar na ’n sprong geland word;
  - goeie postuur te alle tye.
- Gebruik blikkies, klippe, koerante, materiaal, stoele, balle en ’n groot verskeidenheid voorwerpe/rekwisiete om bewegingsreekse te improviseer en saam te stel.

Graad 5

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om die vaardighede en kennis te ontwikkel wat nodig is om kunswerke in veelvuldige vorme van geletterdheid (visueel, ruimtelik, ouditief, mondeling, kinesteties, dramaties, kultureel) te skep en aan te bied.*

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Dans

- Berei die liggaam voor met ’n opwarmingsritueel wat koördinasie en beheer ontwikkel.
- Improviseer en skep dansreekse wat die begrip kontras gebruik, terwyl daar duidelik van een beweging of vorm na ’n ander oorgegaan word, met die klem op:
  - ruimte (hoog/laag, groot/klein, vorentoe/sywaarts/agtertoe, naby/ver, smal/wyd);
  - tyd (vinnig/stadig, reëlmatig/onreëlmatig);
  - krag (sterk/lig, glad/perkussief).
- Improviseer en skep dansreekse wat die volgende verken:
  - die bewegingsomvang van elke liggaamsdeel;
  - geometriese begrippe soos parallel, simmetrie, afstand, volume en massa, reghoeke, vyfhoeke, seshoeke, aghoeke.
- Leer en voer passies uit ’n inheemse en/of kontemporêre dans uit ’n Suid-Afrikaanse kultuur op, met aandag aan detail.

Graad 6

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om vaardighede en kennis te ontwikkel om kunswerke wat op Suid-Afrika se verlede en hede gebaseer is, te skep en aan te bied.*

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Dans

- Demonstreer toenemende vaardighede en begrip van opwarming tydens liggaamsvoorbereiding, insluitend:
  - die ontwikkeling van ruggraatbuigsaamheid en krag;
  - die beheerde en ontspanne gebruik van die gewrigte, veral die knieë, heupe en enkels.
- Improviseer en skep dansreekse wat die volgende gebruik:
  - passies en style uit verskillende Suid-Afrikaanse dansvorms;
  - kostuums, rekwisiete, beelde en musiek;
  - wisselende energie, soos spanning en ontspanning, stilte en vloeiing;
  - persoonlike en algemene ruimte.
- Leer, interpreteer en voer danse uit die Suid-Afrikaanse kultuur bevoeg en in die gepaste styl op.

Graad 4

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om vaardighede en kennis te ontwikkel om kunsaktiwiteite deur middel van die liggaam, stem, asook natuurlike en gevonde hulpbronne, te skep en aan te bied.*

Leeruitkoms 1
Vervolg

SKEPPING, INTERPRETASIE EN AANBIEDING

Die leerder is in staat om werk in elk van die kunsvorme te skep, te interpreteer en aan te bied.

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Drama

- Voer eenvoudige onderwysergeleide ontspannings- en asemhalingsoefeninge uit wanneer daar opgewarm en afgekoel word.
- Gebruik die stem en liggaam verbeeldingryk in drama-oefeninge en speletjies.
- Maak gebruik van hand- of kostuumrekwisiete, handpoppe/poppespel, maskers of ander uitwendige hulpmiddels om stories te vertel en karakters uit te beeld.

Graad 5

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om die vaardighede en kennis te ontwikkel wat nodig is om kunswerke in veelvuldige vorme van geletterdheid (visueel, ruimtelik, ouditief, mondeling, kinesteties, dramaties, kultureel) te skep en aan te bied.*

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Drama

- Voer eenvoudige onderwysergeleide ontspannings-, asemhalings- en resonansie-oefeninge uit wanneer daar opgewarm en afgekoel word.
- Reageer op gehoor-, visuele, tasbare en kinestetiese stimuli in dramatiese speletjies en oefeninge.
- Gebruik sintuiglike besonderhede en gevoelsuitdrukking in dramatiese aktiwiteite soos eenvoudige mimiek om gewig, grootte en vorm te toon.

Graad 6

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om vaardighede en kennis te ontwikkel om kunswerke wat op Suid-Afrika se verlede en hede gebaseer is, te skep en aan te bied.*

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Drama

- Voer eenvoudige ontspannings-, asemhalings-, resonansie-, toonhoogte- en artikulasie-oefeninge uit wanneer die stem en liggaam opgewarm en afgekoel word.
- Gebruik Afrikastories om drama te ontwikkel wat:
  - ’n duidelike intrige het;
  - kernmomente uitlig;
  - geloofwaardige karakters bevat;
  - ruimte doeltreffend gebruik.

Graad 4

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om vaardighede en kennis te ontwikkel om kunsaktiwiteite deur middel van die liggaam, stem, asook natuurlike en gevonde hulpbronne, te skep en aan te bied.*

Leeruitkoms 1
Vervolg

SKEPPING, INTERPRETASIE EN AANBIEDING

Die leerder is in staat om werk in elk van die kunsvorme te skep, te interpreteer en aan te bied.

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Musiek

- Gebruik die stem, liggaam en gevonde of gemaakte instrumente om die klanke en stiltes rondom loop-, hardloop- en springnote te verken ten einde ritmes te verken en klankprente te skep.
- Stel ’n kort ritmiese patroon met kwartnote, kwartnootruste, halfnote en halfnootruste saam en bied dit aan deur liggaamsperkussie te gebruik.
- Maak, in verskeie toonkleure, ’n eenvoudige blaasinstrument, soos ’n Kazoe of Tshikona/Dinaka-pyp, of slaginstrumente soos skudders.
- Skep melodieë wat die stem en gevonde en natuurlike instrumente gebruik om verskille in toonhoogte en nootwaarde te demonstreer, en bied dit aan.

Graad 5

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om die vaardighede en kennis te ontwikkel wat nodig is om kunswerke in veelvuldige vorme van geletterdheid (visueel, ruimtelik, ouditief, mondeling, kinesteties, dramaties, kultureel) te skep en aan te bied.*

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Musiek

- Demonstreer konsentrasie- en akkurate luistervermoë deur ritmes en poliritmes te herken, te herhaal en te skep deur beweging, liggaamsperkussie en natuurlike instrumente te gebruik.
- Gebruik liggaamsperkussie om ’n kort ritmiese patroon met kwartnote, kwartnootruste, halfnote en halfnootruste, en agtstenote en agtstenootruste te komponeer en aan te bied.
- Improviseer en skep musiekfrases wat herhaling, aksent en vraag-en-antwoord gebruik.
- Sing liedjies in lang (3/4-) en normale (3/8-) tyd.

Graad 6

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om vaardighede en kennis te ontwikkel om kunswerke wat op Suid-Afrika se verlede en hede gebaseer is, te skep en aan te bied.*

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Musiek

- Fokus op ’n verskeidenheid Suid-Afrikaanse musiekvorms:
  - improviseer en skep musiek met die stem en/of instrumente wat dinamika, artikulasie, toonhoogte en ritmiese patrone verken;
  - speel eenvoudige ritmiese patrone op ’n trom of soortgelyke instrument;
  - verken en gebruik tromslag-handtegnieke, soos die basis van die handpalm, die oop handpalm, en gedemp;
  - lees en sing of speel die toonleer en eenvoudige deuntjies in C-majeur.

Graad 4

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om vaardighede en kennis te ontwikkel om kunsaktiwiteite deur middel van die liggaam, stem, asook natuurlike en gevonde hulpbronne, te skep en aan te bied.*

Leeruitkoms 1
Vervolg

SKEPPING, INTERPRETASIE EN AANBIEDING

Die leerder is in staat om werk in elk van die kunsvorme te skep, te interpreteer en aan te bied.

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Visuele Kunste

- Maak maskers en kunshandwerk, artefakte, kostuums, plakskilderye (collages) of handpoppe met natuurlike, afval- of gevonde materiaal.

- Maak en deel kunswerke met mekaar om:
  - te demonstreer hoe beplanning en die vaardige gebruik van ontwerpselemente in die maak van maskers, gebaseer op natuurgode uit verskillende kulture, gebruik is en word;
  - die basiese formele elemente en tegnieke van tweedimensionele kuns (teken en verf) te verken;
  - toon te identifiseer en primêre, sekondêre en tersiêre kleure te meng;
  - vorm in ruimte in driedimensionele werk (bv. in die maak van modelle en in kleiwerk) voor te stel.

Graad 5

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om die vaardighede en kennis te ontwikkel wat nodig is om kunswerke in veelvuldige vorme van geletterdheid (visueel, ruimtelik, ouditief, mondeling, kinesteties, dramaties, kultureel) te skep en aan te bied.*

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Visuele Kunste

- Ontwerp en skep kunswerke en kunshandwerk wat die gebruik van natuurlike en geometriese vorms en figure in twee en drie dimensies, in waarnemingswerk, patroonskepping en -ontwerp en in eenvoudige handwerkvoorwerpe verken.
- Stal werk in die klaskamer uit.

Graad 6

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om vaardighede en kennis te ontwikkel om kunswerke wat op Suid-Afrika se verlede en hede gebaseer is, te skep en aan te bied.*

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Visuele Kunste

- Omskep visuele inligting in gestruktureerde komposisies gebaseer op werklike of denkbeeldige Suid-Afrikaanse situasies wat individueel geselekteer is, deur gebruik te maak van beskikbare materiaal en gepaste tegnieke in sowel tweedimensionele as driedimensionele werk.

Graad 4

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om vaardighede en kennis te ontwikkel om kunsaktiwiteite deur middel van die liggaam, stem, asook natuurlike en gevonde hulpbronne, te skep en aan te bied.*

Leeruitkoms 1
Vervolg

SKEPPING, INTERPRETASIE EN AANBIEDING

Die leerder is in staat om werk in elk van die kunsvorme te skep, te interpreteer en aan te bied.

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Oorkoepelend

- Maak ’n handpop en gebruik dit om ’n poppespel met musiek en beweging te skep.

Graad 5

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om die vaardighede en kennis te ontwikkel wat nodig is om kunswerke in veelvuldige vorme van geletterdheid (visueel, ruimtelik, ouditief, mondeling, kinesteties, dramaties, kultureel) te skep en aan te bied.*

Assesseringstandaarde

(Daar is geen verdere assesseringstandaarde vir hierdie leeruitkoms in graad 5 nie.)

Graad 6

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om vaardighede en kennis te ontwikkel om kunswerke wat op Suid-Afrika se verlede en hede gebaseer is, te skep en aan te bied.*

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Oorkoepelend

- Illustreer/interpreteer Afrikastories deur middel van poppespel:
  - ontwerp en maak hand- en/of koppoppe;
  - dink poppespel uit en bied dit aan;
  - komponeer musiek vir poppespel;
  - choreografeer bewegings vir koppoppe, as dit gebruik word.

- Gebruik dramatiese toestelle, visuele illustrasies, beweging en klank om grappe, wolhaarstories, leuens, fantasieë of belaglike stories te vertel om die werklikheid in Suid-Afrika te verken.

Graad 4

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om gepaste terme, woordeskat en ander hulpbronne te gebruik om oor kuns- en kultuuraktiwiteite te besin.*

Leeruitkoms 2

BESINNING

Die leerder is in staat om krities en skeppend oor kuns- en kultuurprosesse, -produkte en -style in die konteks van die verlede en die hede te besin.

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Dans

- Gebruik gepaste woordeskat ten opsigte van die gebruik van ruimte, kostuum, musiek en rekwisiete om eie danse wat in die klas uitgedink is of uit die eie gemeenskap kom, te beskryf.

Drama

- Gebruik eenvoudige dramaterme om op klaskamerdrama te reageer, besin oor eie bydrae tot drama en luister na ander se kommentaar en idees.

Graad 5

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om oor kuns- en kultuurprosesse, -produkte en -begrippe te besin en menings daaroor te lug.*

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Dans

- Neem aktief deel aan klasbesprekings oor interpretasies van en reaksies op ’n dans wat werklik of op televisie gesien is; skenk aandag aan die gebruik van ontwerpselemente, die doel en die styl van die dans.
- Identifiseer en beskryf die talle soorte danse in Suid-Afrika.

Drama

- Besin oor drama (televisie-, radio-, gemeenskaps- of klaskamerdrama):
  - herken kernmomente in ’n drama;
  - identifiseer temas, idees en atmosfeer;
  - verduidelik waarom bepaalde tegnieke gebruik is;
  - toon sensitiwiteit vir die sosiale en kulturele konteks.

Graad 6

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om krities oor die kunste in die Suid-Afrikaanse historiese, sosiale en kulturele omgewing te dink en te besin en om haar of sy begrip daarvan met ander te deel.*

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Dans

- Doen navorsing oor die historiese agtergrond van danse van ouer mense in die gemeenskap met betrekking tot die sosiale of kulturele konteks, doel en unieke kenmerke.

Drama

- Vind uit oor verskillende soorte drama in die land en lê verbande tussen sommige ten opsigte van oorsprong en ooreenkomste.

Graad 4

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om gepaste terme, woordeskat en ander hulpbronne te gebruik om oor kuns- en kultuuraktiwiteite te besin.*

Leeruitkoms 2
Vervolg

BESINNING

Die leerder is in staat om krities en skeppend oor kuns- en kultuurprosesse, -produkte en -style in die konteks van die verlede en die hede te besin.

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Musiek

- Herken kwartnoot- en halfnootwaardes en -ruste in ’n kort melodie.
- Herken tydsoorttekens soos vier-vier en drie-vier.· Luister na en identifiseer musiekinstrumente na aanleiding van voorkoms, naam, hoe klank voortgebring word, toonkleur (timbre) en algemene toonhoogteklassifikasie (hoog-laag).

Visuele Kunste

- Reageer op en bespreek, met gebruik van gepaste terminologie, die beelde, ontwerpe en kunshandwerkvoorwerpe in die populêre kultuur, prente en foto’s ten opsigte van die inhoud, lyn, vorm, kleur, tekstuur, ruimte en materiaal wat gebruik is.

Graad 5

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om oor kuns- en kultuurprosesse, -produkte en -begrippe te besin en menings daaroor te lug.*

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Musiek

- Herken die nootname op die lyne en in spasies op ’n diskantnotebalk en die verskil in toonhoogte.
- Herken kwartnoot-, halfnoot- en agtstenootwaardes en hul ruste in ’n kort melodie.
- Herken en beskryf die verskillende toonkleure van stemme in koraalmusiek.
- Luister na ’n verskeidenheid geselekteerde liedjies en identifiseer die genre (bv. blues, pop, kwaito, klassiek, tradisioneel, vry-kiba, opera, musiek-blyspel, malombo, kwassa-kwassa, tegno, soukous) en lug menings oor die styl.

Visuele Kunste

- Onderskei tussen verskillende kunsvorme soos teken, verf, argitektuur, beeldhouwerk, ontwerp, kunshandwerk en grafiese media.
- Reageer op beelde en handwerkvoorwerpe in die populêre kultuur, prente en foto’s ten opsigte van doel, inhoud, vorm, kontras en betekenis.

Graad 6

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om krities oor die kunste in die Suid-Afrikaanse historiese, sosiale en kulturele omgewing te dink en te besin en om haar of sy begrip daarvan met ander te deel.*

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Musiek

- Luister na en bespreek die gebruik van herhaling as ’n organiserende beginsel van Afrikamusiek.
- Stel ’n repertoire saam van liedjies wat in verskillende kulturele omgewings gebruik word, beskryf uit watter kulturele agtergrond dit kom, verduidelik wat die boodskap van die lirieke-inhoud is en waarvoor die liedjies gebruik word.

Visuele Kunste

- Identifiseer die hoofdoel en -ontwerpskenmerke van kunswerke in die huis, die gemeenskap en openbare plekke ten opsigte van tema, onderwerp en toonleer.

Graad 4

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om gepaste terme, woordeskat en ander hulpbronne te gebruik om oor kuns- en kultuuraktiwiteite te besin.*

Leeruitkoms 2
Vervolg

BESINNING

Die leerder is in staat om krities en skeppend oor kuns- en kultuurprosesse, -produkte en -style in die konteks van die verlede en die hede te besin.

Assesseringstandaarde

(Daar is geen verdere assesseringstandaarde vir hierdie leeruitkoms in graad 4 nie.)

Graad 5

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om oor kuns- en kultuurprosesse, -produkte en -begrippe te besin en menings daaroor te lug.*

Assesseringstandaarde

(Daar is geen verdere assesseringstandaarde vir hierdie leeruitkoms in graad 5 nie.)

Graad 6

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om krities oor die kunste in die Suid-Afrikaanse historiese, sosiale en kulturele omgewing te dink en te besin en om haar of sy begrip daarvan met ander te deel.*

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Oorkoepelend

- Verken en bespreek eie begrip van kultuur.

Graad 4

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om deel te neem en saam te werk aan kunsaktiwiteite waarin 'n wye verskeidenheid natuurlike en fisiese hulpbronne gebruik word.*

Leeruitkoms 3

DEELNAME EN SAMEWERKING

Die leerder is in staat om persoonlike en interpersoonlike vaardighede deur individuele en groepdeelname aan kuns- en kultuuraktiwiteite te toon.

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Dans

- Werk alleen of in groepe in/met dans, met die kreatiewe gebruik van rekwisiete, kostuums, gevonde en natuurlike voorwerpe en instrumente.
- Gebruik op sensitiewe wyse die beginsel van persoonlike (eie) en algemene (gedeelde) ruimte in dansverkennings.

Drama

- Werk saam om eenvoudige rekwisiete verbeeldingryk as stimulusmateriaal te gebruik en te wys hoe dieselfde voorwerp verskillende dinge en verskillende gemoedstemminge kan voorstel.
- Put uit eie en ander se idees en ontwikkel dié idees wanneer dramas beplan en saamgestel word.

Graad 5

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om deel te neem en saam te werk om kuns- en kultuuraktiwiteite wat verskillende vorme van geletterdheid ontwikkel, saam te stel.*

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Dans

- Demonstreer, tydens samewerking met ’n maat, vaardighede soos om in beweging na te boots, te lei, te volg en te weerspieël.
- Werk saam met verskillende maats om met “vraag-en-antwoord-” en “ontmoet-en-skei”-bewegingsfrases te eksperimenteer.

Drama

- Toon ’n ontwikkelende vlak van selfvertroue en vermoë om konsentrasie, sintuiglike waarneming en ruimtelike bewustheid te gebruik om op drama-oefeninge te fokus.
- Neem ’n rol aan en bly daarin, en is in staat om in rol vrae met gepaste taal en gebare te beantwoord.

Graad 6

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om met ander in wisselwerking te tree, om aanpasbaarheid teenoor nuwe idees of situasies te toon en om diversiteit te bevestig en te erken.*

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Dans

- Werk koöperatief saam met maats om dansreekse te improviseer en saam te stel.
- Deel op ondersteunende en konstruktiewe wyse menings oor danse uit verskillende kulture met ander leerders.

Drama

- Brei gegewe stukkies dialoog saam met ’n maat uit en ontwikkel dit, en toon die vermoë om op ’n maat se idees “te voed” en daarop te reageer.
- Neem gewillig sowel die leiers- as volgelingsrol tydens dramaktiwiteite aan.

Graad 4

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om deel te neem en saam te werk aan kunsaktiwiteite waarin 'n wye verskeidenheid natuurlike en fisiese hulpbronne gebruik word.*

Leeruitkoms 3
Vervolg

DEELNAME EN SAMEWERKING

Die leerder is in staat om persoonlike en interpersoonlike vaardighede deur individuele en groepdeelname aan kuns- en kultuuraktiwiteite te toon.

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Musiek

- Sing en/of speel kanons, ronde- en tweedelige liedjies saam met ander leerders, en gebruik natuurlike, gemaakte en gevonde instrumente.
- Speel eenvoudige blaasinstrumente, soos 'n Kazoe of Tshikona/Dinaka-fluit, of slaginstrumente soos skudders in harmonie met ander.

Visuele Kunste

- Werk saam met ander en beplan hoe om maskers, handwerk, artefakte, kostuums, plakskilderye (collages) of poppespelpoppe met natuurlike, afval- of gevonde materiaal te maak en te gebruik – met inagneming van omgewingskwessies.

Graad 5

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om deel te neem en saam te werk om kuns- en kultuuraktiwiteite wat verskillende vorme van geletterdheid ontwikkel, saam te stel.*

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Musiek

- Sing en/of speel in ’n groep ’n instrument, met gepaste ritme, toonhoogte en dinamika, in enige musiekgenre.
- Kombineer ’n aantal meloritme-instrumente (trom, marimba) om tekstuurvermengings te skep.

Visuele Kunste

- Kies ’n projek, beplan dit en volg die nodige stappe.

Oorkoepelend

- Toon spontaneïteit en ’n kreatiewe houding teenoor kunsaktiwiteite.

Graad 6

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om met ander in wisselwerking te tree, om aanpasbaarheid teenoor nuwe idees of situasies te toon en om diversiteit te bevestig en te erken.*

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Musiek

- Sing en/of speel in ’n groep – kanons, ronde- en tweedelige liedjies vanuit minstens drie kulturele tradisies in Suid-Afrika.

Visuele Kunste

- Deel hulpbronne, materiaalkeuse en onderhandel die keuse van ’n onderwerp vir ’n groepprojek, met die klem op:
  - gesamentlike besluitneming;
  - aanbieding;
  - veiligheid;
  - die omgewing;
  - kulturele diversiteit.

Oorkoepelend

- Toon respek vir en erken ander se werk.
- Neem as lid van ’n gehoor aan ’n opvoering deel.
- Druk eie, persoonlike sin van identiteit en uniekheid in enige kunsvorm uit.

Graad 4

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat tot verkenning, uitdrukking en kommunikasie deur die liggaam, stem, natuurlike, gevonde en gemaakte hulpbronne en hulpmiddels te gebruik.*

Leeruitkoms 4

UITDRUKKING EN KOMMUNIKASIE

Die leerder is in staat om veelvuldige vorme van kommunikasie en uitdrukking in kuns en kultuur te ontleed en te gebruik.

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Dans

- Verken die vele maniere waarop dele van die liggaam onafhanklik (individueel) en in kombinasies kan beweeg.
- Eksperimenteer met die samevoeging van stem en liggaam in klank en beweging.

Drama

- Verken hoe mimiek gevoelvol gebruik word om idees en gevoelens oor te dra.

Graad 5

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om veelvuldige hulpbronne te gebruik om sosiale, kulturele en omgewingsvraagstukke deur middel van die kunste te verken en te kommunikeer.*

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Dans

- Dans op verskillende plekke (bv. binne en buite, in die klaskamer, op die verhoog, op hout, op sement, gras of in modder), en beskryf hoe dans deur ruimte en die fisiese omgewing beïnvloed word.

Drama

- Dramatiseer sosiale, kulturele of omgewings-vraagstukke deur middel van verskillende dramategnieke, soos tablo's, verbale dinamikareekse of rolspel.

Graad 6

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om die betekenis en vorm van verskeie historiese, sosiale en kulturele rituele of praktyke in Suid-Afrika te verken, uit te druk en te kommunikeer.*

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Dans

- Vind uit oor, probeer en verduidelik 'n lied-dansritueel (bv. slangdans, reëndans, huweliksdans, sirkeldans, rietdans, stokdans), en verwys na die doel en struktuur daarvan – patrone, herhaling en volgorde.

Drama

- Dramatiseer 'n kulturele ritueel (godsdienstige seremonie of sosiale viering) om die elemente van drama (bv. patrone, herhaling, volgorde) te toon.
- Verduidelik die belangrikheid van hierdie ritueel vir die mense wat daaraan deelneem.

Graad 4

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat tot verkenning, uitdrukking en kommunikasie deur die liggaam, stem, natuurlike, gevonde en gemaakte hulpbronne en hulpmiddels te gebruik.*

Leeruitkoms 4
Vervolg

UITDRUKKING EN KOMMUNIKASIE

Die leerder is in staat om veelvuldige vorme van kommunikasie en uitdrukking in kuns en kultuur te ontleed en te gebruik.

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Musiek

- Gebruik die stem, liggaam, slaginstrumente, natuurlike, gevonde of gemaakte instrumente om stories, danse of liedjies te begelei.
- Gebruik klanke in ’n vrye ritme om klankprente vir stories of danse op te bou.

Visuele Kunste

- Maak maskers, kunshandwerk, artefakte, kostuums, plakskilderye (collages) of handpoppe om in ’n aanbieding te gebruik.
- Gebruik tegnologie en die natuur in die omgewing om visuele idees te stimuleer en oor te dra.

Graad 5

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om veelvuldige hulpbronne te gebruik om sosiale, kulturele en omgewingsvraagstukke deur middel van die kunste te verken en te kommunikeer.*

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Musiek

- Identifiseer en sing liedere, wat skynbaar dieselfde idee oordra, uit verskillende gemeenskappe, kulture en kontekste.
- Gebruik eie komposisies (gedigte en liedjies) om die aandag op huidige sosiale en omgewings-vraagstukke te vestig.
- Kommunikeer ’n musikale doel met behulp van die wisselwerking tussen harmonie en toonhoogte (melofoon).

Visuele Kunste

- Wys en verduidelik die gebruik van kleur, patroon, ontwerp, tekens en simbole in die eie huis, in verskillende kulture en in die geboude omgewing.

Graad 6

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om die betekenis en vorm van verskeie historiese, sosiale en kulturele rituele of praktyke in Suid-Afrika te verken, uit te druk en te kommunikeer.*

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Musiek

- Doen navorsing oor, skep en bied musiek aan wat die simboliek van ritueel oordra en voorstel.

Visuele Kunste

- Demonstreer en beskryf die gebruik van verskillende artefakte in kulturele rituele.
- Doen navorsing oor muurskilderye in die gemeenskap as ’n vorm van visuele kommunikasie in terme van:
  - die beoogde boodskap;
  - teikengroep;
  - tegniek;
  - gepaste materiaal;
  - simbole en tekens.


TIRISANO
WORKING TOGETHER

HOOFSTUK 4
SENIOR FASE
(Graad 7-9)

INLEIDING

Let Wel:

- Hierdie inleiding moet saam met die Inleiding tot die Kuns en Kultuur-leerarea in Hoofstuk 1 gelees word.

In die Senior Fase omvat die organiserende beginsels nasionale, Afrika- en wêreldvraagstukke. Hierdie beginsels word nie tot 'n bepaalde graad beperk nie, maar werk oor die fase heen.

Die leerder tree, deur middel van skeppende aktiwiteite en kritiese denke, op kreatiewe en besinnende wyse in wisselwerking met menseregte, erfenis en nasiebou. Daar word van die leerder verwag om betrokke te raak by vraagstukke soos die volgende: populêre kultuur, vorms van diskriminasie, verhoudings tussen die plaaslike en die wêreldkultuurkragte, magsverhoudings binne die kunste en in die gemeenskap, asook die uitwerking van die massamedia en tegnologie op die kunste en die kunsindustrie.

Hierdie fase lê ook die grondslag vir loopbane in die kunste en bied aan die leerder geleenthede om op gebiede van sy of haar keuse te fokus. By die uittreepunt van die Algemene-Onderwys-en-Opleidingsband word daar verwag dat die leerder werke in een of meer van die kunsvorme onafhanklik kan organiseer, opvoer, aanbied en bemark.

LEERUITKOMSTE

Leeruitkoms 1: Skepping, Interpretasie en Aanbieding

Die leerder is in staat om werk in elk van die kunsvorme te skep, te interpreteer en aan te bied.

Leeruitkoms 2: Besinning

Die leerder is in staat om krities en skeppend oor kuns- en kultuurprosesse, -produkte en -style in die konteks van die verlede en die hede te besin.

Leeruitkoms 3: Deelname en Samewerking

Die leerder is in staat om persoonlike en interpersoonlike vaardighede deur individuele en groepdeelname aan kuns- en kultuuraktiwiteite te toon.

Leeruitkoms 4: Uitdrukking en Kommunikasie

Die leerder is in staat om veelvuldige vorme van kommunikasie en uitdrukking in kuns en kultuur te ontleed en te gebruik.

ASSESSERINGSTANDAARDE

Elkeen van die kunsvorme bied ’n ander manier waarop iets begryp en uitgedruk kan word en dra verskillend tot ’n holistiese opvoeding by. Die leerder moet aan elke kunsvorm blootgestel word ten einde ’n ingeligte keuse ten opsigte van Verdere Onderwys en Opleiding te kan maak. Die leerder sal dus oor al die leeruitkomste vir al die kunsvorme geassesseer word.

In graad 8 en 9 word daar verwag dat die leerder minstens die generiese en oorkoepelende assessering-standaarde vir elke leeruitkoms bereik. Hoewel die Algemene-Onderwys-en-Opleidingband wesenlik aan alle leerders ’n algemene onderwys bied, word daar in graad 8 en 9 deur Leeruitkoms 1 voorsiening gemaak vir die leerder wat in ’n bepaalde kunsvorm wil spesialiseer. So ’n leerder kan, ter voorbereiding vir studie in die Verdere-Onderwys-en-Opleidingband, addisionele assesseringstandaarde kies. Hierdie assesseringstandaarde bied meer diepte en ’n hoër tegniese vaardigheidsvlak.

Die assesseringstandaarde vir elke leeruitkoms vir graad 7 tot 9 verskyn op die volgende bladsye.


TIRISANO
WORKING TOGETHER

Graad 7

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om die vaardighede en kennis te ontwikkel om kunswerke wat menseregte in Suid-Afrika verken, te skep en aan te bied.*

Leeruitkoms 1

SKEPPING, INTERPRETASIE EN AANBIEDING

Die leerder is in staat om werk in elk van die kunsvorme te skep, te interpreteer en aan te bied.

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Dans

- Berei die liggaam met veilige danspraktyke voor en gebruik die liggaam op gesonde wyse, byvoorbeeld:
  - opwarming en afkoeling;
  - goeie postuurs- en gewrigsoplyning;
  - vrystelling/sagte gebruik van gewrigte;
  - veilige landing na spronge;
  - veilige rek-/strekbewegings.

- Improviseer om choreografiese ontwerpsbegrippe te verken:
  - ruimte – rigting, vlakke, simmetrie, asimmetrie;
  - tyd – duur, pas, maatslag, frasering;
  - krag – om toe te gee aan en weerstand te bied teen swaartekrag, aktiewe en passiewe beweging.

Graad 8

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om die vaardighede en kennis te ontwikkel om kunswerke wat op populêre kultuur in Suid-Afrika gebaseer is, te skep en aan te bied.*

Assesseringstandaarde

Generies/Addisioneel:
Leerders neem aan al die generiese assesseringstandaarde van hierdie uitkoms deel. Leerders wat beoog om 'n kunsvak in die Verdere-Onderwys-en-Opleidingsband te kies, behoort ook aan addisionele assesseringstandaarde van minstens een kunsvorm van eie keuse deel te neem.

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Dans: Generies

- Leer en voer passies van danse uit populêre kulture op.

Graad 9

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om die vaardighede en kennis te ontwikkel wat nodig is vir die skepping, bemarking en aanbieding van kunswerke.*

Assesseringstandaarde

Generies/Addisioneel:
Leerders neem aan al die generiese assesseringstandaarde van hierdie uitkoms deel. Leerders wat beoog om 'n kunsvak in die Verdere-Onderwys-en-Opleidingsband te kies, behoort ook aan addisionele assesseringstandaarde van minstens een kunsvorm van eie keuse deel te neem.

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Dans: Generies

- Neem deel aan die choreografie en aanbieding van 'n kort dans vir 'n opvoering of kulturele gebeurtenis.

Graad 7

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om die vaardighede en kennis te ontwikkel om kunswerke wat menseregte in Suid-Afrika verken, te skep en aan te bied.*

Leeruitkoms 1 Vervolg

SKEPPING, INTERPRETASIE EN AANBIEDING

Die leerder is in staat om werk in elk van die kunsvorme te skep, te interpreteer en aan te bied.

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Skep en bied dansreekse aan wat, onder andere, op menseregtevraagstukke fokus en dit uitdaag, soos sosiale en kulturele houdings teenoor dans en houdings teenoor geslag en liggaamlike gestremdheid in dans.

Graad 8

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om die vaardighede en kennis te ontwikkel om kunswerke wat op populêre kultuur in Suid-Afrika gebaseer is, te skep en aan te bied.*

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Dans: Addisioneel

- Doen die volgende om die liggaam voor te berei:
  - doen ’n vasgestelde opwarming wat die liggaam rek en versterk;
  - toon toenemende kinestetiese bewustheid (bewegingsin), konsentrasie en bewustheid van die korrekte en veilige gebruik van die ruggraat en ledemate;
  - beweeg met koördinasie, styl en musikaliteit in passiekombinasies oor ruimte heen.
- Improviseer, komponeer en kombineer bewegingsmotiewe deur die gebruik van:
  - bewegings of gebare;
  - herhaling en stiltes;
  - kontrasterende dinamika.
- Voer danspassies en kombinasies daarvan uit minstens twee style of tradisies van Suider-Afrika op.

Graad 9

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om die vaardighede en kennis te ontwikkel wat nodig is vir die skepping, bemarking en aanbieding van kunswerke.*

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Dans: Addisioneel

- Doen akkuraat, ter voorbereiding van die liggaam, ’n stel opwarmings- en vaardigheidsopbouende bewegingsreekse, wat liggaamskondisionering en danstegnieke in ’n bepaalde styl insluit.
- Beweeg gekoördineerd, musikaal, met gehalte, styl, balans en beheer oor ruimte heen in bewegingsreekse.
- Leer en voer werk op, met gepaste styl en bewegingsgehalte, wat deur ander gechoreografeer is uit minstens twee kulture – wat mag insluit:
  - klassiek/tradisioneel (uit Afrika, Oosters of Westers);
  - kontemporêr.
- Skep ’n dans, met ’n duidelike begin, middel en einde, waarin passies of style van meer as een Suid-Afrikaanse dansvorm saamsmelt.

Graad 7

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om die vaardighede en kennis te ontwikkel om kunswerke wat menseregte in Suid-Afrika verken, te skep en aan te bied.*

Leeruitkoms 1 Vervolg

SKEPPING, INTERPRETASIE EN AANBIEDING

Die leerder is in staat om werk in elk van die kunsvorme te skep, te interpreteer en aan te bied.

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Drama

- Volg 'n onderwysergeleide opwarmingsroetine.
- Gebruik die verkenning van menseregtevraagstukke in Suid-Afrika as grondslag vir groepimprovisasies wat:
  - 'n begrip van die basiese dramatiese struktuur (wie, wanneer, waar, wat) toon;
  - karakters wat uit waarneming, nabootsing en die verbeelding tot stand gebring word, toon;
  - sommige dramatiese elemente soos groepering, vorm en klimaks insluit om betekenis en gevoel oor te dra.

Graad 8

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om die vaardighede en kennis te ontwikkel om kunswerke wat op populêre kultuur in Suid-Afrika gebaseer is, te skep en aan te bied.*

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Drama: Generies

- Stel ’n eenvoudige opwarmingsroetine saam, gebaseer op die onderwyser se oefeninge, om met die klas te deel.
- Neem, met die onderwyser se bystand, deel aan die skep en aanbieding van ’n geskrewe skets of afgeronde improvisasie wat op populêre kultuur gebaseer is. Hierdie item behoort:
  - kennis van die teikengehoor te toon;
  - hulpmiddels wat tot die stuk bydra, te gebruik;
  - gepaste dramatiese elemente te gebruik;
  - ander kunsvorme in te sluit.

Drama: Addisioneel

- Oefen en bied, met die onderwyser se ondersteuning, ’n solo-item aan, bv. ’n gedig, prosa-uittreksel of monoloog wat die volgende toon:
  - skeppende gebruik van die eienskappe van spraak – toonhoogte, pas/tempo, pousering, infleksie, beklemtoning en toon;
  - verbeeldingryke interpretasie van die stuk.

Graad 9

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om die vaardighede en kennis te ontwikkel wat nodig is vir die skepping, bemarking en aanbieding van kunswerke.*

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Drama: Generies

- Voer ’n eenvoudige opwarmingsroetine met die klas uit.
- Neem deel aan ’n aspek van die beplanning, organisasie, reklame, fondsinsameling of produksie van ’n dramatiese item wat ’n gehoor sal hê.

Drama: Addisioneel

- Neem deel aan sowel ’n opvoering as ’n deel van die produksie daarvan. Die opvoering behoort die volgende te toon:
  - ’n begrip van die basiese verhoogkonvensies;
  - die gebruik van meer komplekse, dramatiese elemente soos spanning, simboliek en tydsberekening waar gepas;
  - die gebruik van taal, gebare en beweging om karakters te skep;
  - die gebruik van kostuums, rekwisiete, stelle, ligte of ander beskikbare hulpmiddels;
  - bewustheid van die gehoor.

Graad 7

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om die vaardighede en kennis te ontwikkel om kunswerke wat menseregte in Suid-Afrika verken, te skep en aan te bied.*

Leeruitkoms 1 Vervolg

SKEPPING, INTERPRETASIE EN AANBIEDING

Die leerder is in staat om werk in elk van die kunsvorme te skep, te interpreteer en aan te bied.

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Musiek

- Kombineer en meng verskillende tromspeltegnieke en perkussiepatrone om ritmiese sinne te vorm.
- Improviseer en skep musiekfrases deur begrippe soos gemoedstemming, vorm en kontras te gebruik.
- Lees en sing of speel die toonleer en eenvoudige melodieë in G-majeur.
- Komponeer musiek, liedjies of wysies rondom menseregtevraagstukke of om ’n opvoering of aanbieding oor menseregte te begelei.

Graad 8

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om die vaardighede en kennis te ontwikkel om kunswerke wat op populêre kultuur in Suid-Afrika gebaseer is, te skep en aan te bied.*

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Musiek: Generies

- Leer en bied liedjies of musiek uit die populêre of plaaslike kultuur aan.

Musiek: Addisioneel

- Komponeer en voer ’n 4-maatmelodie met kwartnote, agtstenote en halfnote op.
- Lees, skryf en sing of speel toonlere en eenvoudige melodieë in die C-majeur, G-majeur en F-majeur.
- Skep ’n geïntegreerde musiekaanbieding wat ’n boodskap vertolk en dans, drama en visuele elemente insluit.

Graad 9

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om die vaardighede en kennis te ontwikkel wat nodig is vir die skepping, bemarking en aanbieding van kunswerke.*

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Musiek: Generies

- Gebruik die stem en beskikbare slag- of melodiese instrumente en maak musiek wat in ’n 5/4-, 7/8-, 12/8- en 4/4-metrum opgevoer word.
- Organiseer en bemark ’n musiekuitvoering ten opsigte van die beplanning, reklame, fondsinsameling en produksie daarvan.

Musiek: Addisioneel

- Lees, skryf en sing of speel toonlere en melodieë in D-mol, A-mol, B-mol en E-mol-majeur.
- Kies en vermeng style uit die eie omgewing en dié van Wes-, Oos-, Sentraal- of Noord-Afrika (bv. kwaito, jazz, kwassa-kwassa, gospel, hiphop, “high life”, soukous.)
- Gebruik ululasie, vokaalwysies, knettering en mondtromspel om ’n hoogtepunt vir ’n musieksituasie te skep.

Graad 7

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om die vaardighede en kennis te ontwikkel om kunswerke wat menseregte in Suid-Afrika verken, te skep en aan te bied.*

Leeruitkoms 1 Vervolg

SKEPPING, INTERPRETASIE EN AANBIEDING

Die leerder is in staat om werk in elk van die kunsvorme te skep, te interpreteer en aan te bied.

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Visuele Kunste

- Skep kuns, kunshandwerk of ontwerpstukke wat kommentaar op menseregtevraagstukke lewer en die volgende toon:
  - die vermoë om op ’n elementêre vlak met ’n wye reeks materiaal, tegnieke, gereedskap en vaardighede te eksperimenteer;
  - die vermoë om simbole en patrone te identifiseer en te gebruik.
- Gebruik riglyne om eie kunswerk uit sy of haar portefeulje te kies, voor te berei en vir ’n klasaanbieding te monteer.

Graad 8

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om die vaardighede en kennis te ontwikkel om kunswerke wat op populêre kultuur in Suid-Afrika gebaseer is, te skep en aan te bied.*

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Visuele Kunste: Generies

- Skep en bied 'n artefak aan waarin idees uit die populêre kultuur of die massamedia gebruik word.

Visuele Kunste: Addisioneel

- Skep kuns, kunshandwerk of ontwerpstukke wat die volgende toon:
  - differensiasie tussen die organiese en nie-organiese aspekte van die geboude en natuurlike omgewing in die ontwerp, waarnemingstekenwerk en tweedimensionele en driedimensionele werk;
  - interpretasie en uitdrukking van eie begrip van kultuur en erfenis.
- Selekteer, bied aan en monteer onafhanklik eie kunswerke vir 'n skoolaanbieding.

Graad 9

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om die vaardighede en kennis te ontwikkel wat nodig is vir die skepping, bemarking en aanbieding van kunswerke.*

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Visuele Kunste: Generies

- Skep kuns, handwerk of ontwerpstukke wat:
  - idees of begrippe in 'n visuele vorm weergee;
  - demonstreer dat die elemente en beginsels van ontwerp vrymoedig gebruik word.
- Ontwikkel 'n entrepreneursbewustheid van die bemarking van kunsprodukte in terme van die teikenmark, verpakking, plek, prys, reklame, klanteverhoudings en 'n bewustheid van toerisme.

Visuele Kunste: Addisioneel

- Skep kunswerke wat die volgende toon:
  - voorbereidingsaktiwiteite soos sketse, die insameling van visuele verwysings en die seleksie van gereedskap en materiaal;
  - die gebruik van konvensionele of eksperimentele prosesse en tegnieke, met aandag aan gepaste keuse van materiaal;
  - verkenning en voorstelling van spesifieke patrone en ontwerpsmotiewe wat in die Suid-Afrikaanse geskiedenis voorkom.
- Selekteer, bied aan en monteer eie en groep se kunswerke (insluitend tekens, etikette en byskrifte) vir 'n openbare aanbieding.

Graad 7

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om oor plaaslike voorbeelde van natuurlike en kulturele erfenis te besin.*

Leeruitkoms 2

BESINNING

Die leerder is in staat om krities en skeppend oor kuns- en kultuurprosesse, -produkte en -style in die konteks van die verlede en die hede te besin.

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Oorkoepelend

- Vind uit oor ’n Suid-Afrikaanse kunstenaar uit die verlede of hede, uit enige kunsvorm, en doen verslag aan die klas.
- Verduidelik waarom dit nodig is om ’n land se inheemse kennisstelsels en erfenisartefakte in galerye, teaters, kultuurterreine en natuurlike erfenisterreine te bewaar.

Graad 8

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om krities te dink en te besin oor kuns- en kultuurprosesse en -produkte wat met vraagstukke rondom menseregte in Afrika verband hou.*

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Oorkoepelend

- Verduidelik die belangrikheid van werksbesit en kunstenaarskopiereg in mondelinge kunsvorme en geskrewe komposisies.
- Bespreek hoe die kunste bygedra het, en kan bydra, tot sosiale en kulturele verandering (bv. as ’n spieël, in dokumentêre, as voorstelle, kommentaar, voorspellings).
- Gebruik die kunste om ’n bewustheid van omgewingsvraagstukke te toon.

Graad 9

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om ’n kritiese interpretasie van die verband tussen wêreld- en plaaslike kultuur te bied.*

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Oorkoepelend

- Identifiseer die samestellende dele van ’n geïntegreerde Afrikakunsvorm.
- Ontleed die wisselwerking tussen wêreld- en plaaslike kultuur.
- Ontleed hoe kulture mekaar beïnvloed en verander.
- Bespreek die rol van tegnologie oor tyd heen in die vorming van prosesse en produkte in drama, dans, musiek of kuns.
- Bespreek en vertolk die begrippe mag, beheer en oorheersing in die massamedia en populêre kultuur.
- Identifiseer bronne van kulturele inligting (soos ouer lede van die gemeenskap, geleerdes en kunstenaars uit die gemeenskap, biblioteke, museums, erfenisterreine of die Internet) om ’n betekenisvolle komponis, musikant, kunstenaar of speler in die geskiedenis van musiek, dans, visuele kuns of drama te ondersoek.

Graad 7

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om oor plaaslike voorbeelde van natuurlike en kulturele erfenis te besin.*

Leeruitkoms 2
Vervolg

BESINNING

Die leerder is in staat om krities en skeppend oor kuns- en kultuurprosesse, -produkte en -style in die konteks van die verlede en die hede te besin.

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Dans

- Doen navorsing oor 'n tradisionele dans in die gemeenskap deur mense, boeke of video's te raadpleeg en bied dit in die klas aan.
- Toon waarnemingsvaardighede deur komponente van danse wat in Suid-Afrika gesien word, die ooreenkomste en verskille in terme van bewegingstyl, doel en die gebruik van dansers, kostuums en musiek te beskryf.

Drama

- Herken en identifiseer elemente van drama (bv. prosessies, kantering) soos dit oor tyd heen in kulturele en sosiale uitdrukkingsvorme voorkom (bv. openingsplegtighede, rock-konserte, gladiators, staatsgebeurtenisse, sport).

Graad 8

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om krities te dink en te besin oor kuns- en kultuurprosesse en -produkte wat met vraagstukke rondom menseregte in Afrika verband hou.*

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Dans

- Bespreek danse in eie sosiale, kulturele en historiese konteks, met die klem op geslag, gestremdheid en mag.

Drama

- Doen navorsing oor menseregte- en omgewingsvraagstukke en interpreteer dit in kleingroep-rolspel.

Graad 9

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om 'n kritiese interpretasie van die verband tussen wêreld- en plaaslike kultuur te bied.*

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Dans

- Besin oor en vergelyk hoe sosiale danse hul tyd weerspieël.

Drama

- Ontleed die positiewe en negatiewe invloed van televisie, radio, dokumentêre of ander films op ons lewens.
- Skryf 'n oorsig van 'n plaaslike of ander dramaproduksie, met verwysing na verhoogkonvensies en drama-elemente.

Graad 7

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om oor plaaslike voorbeelde van natuurlike en kulturele erfenis te besin.*

Leeruitkoms 2
Vervolg

BESINNING

Die leerder is in staat om krities en skeppend oor kuns- en kultuurprosesse, -produkte en -style in die konteks van die verlede en die hede te besin.

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Musiek

- Klassifiseer Afrika-instrumente volgens of dit snaar-, stryk-, lug-, houtblaas-, koperblaas- of slaginstrumente is.

- Bespreek enige van die volgende soorte instrumente in terme van vorm, materiaal, soort klank, hoe dit gespeel word, wat die klank voortbring:
  - tromme – gemaak van hout, kalbasse of klei – om die verskillende membrane wat uit bees-, bok- of donkievel bestaan, te wys;
  - slaginstrumente – ratels, klokke, klapstokke, gesplete gongs, mbira, xilofoon, kalimba, likembe, lamallafoon;
  - snaar-/strykinstrumente – musiekboë, luite, liere, harpe, siters, kora, xalam;
  - houtblaasinstrumente – fluite gemaak van bamboes, riet, hout, klei en been;
  - trompette gemaak van dierehorings en hout;
  - klarinette uit die savannastreek, gamaak van doerra- of sorgumstingels;
  - flügelhorn, saksofone en kitare.

Graad 8

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om krities te dink en te besin oor kuns- en kultuurprosesse en -produkte wat met vraagstukke rondom menseregte in Afrika verband hou.*

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Musiek

- Luister na en toon hoe die gebruik van meerstemmigheid (polifonie) in Afrikamusiek aan deelnemers gelykmatige ruimte bied om aan die maak van musiek deel te neem.

Graad 9

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om 'n kritiese interpretasie van die verband tussen wêreld- en plaaslike kultuur te bied.*

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Musiek

- Ontleed hoe musiek in liedere, rituele, openbare geleenthede, rolprente, opera of advertensies gebruik word om 'n reaksie te ontlok.

Graad 7

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om oor plaaslike voorbeelde van natuurlike en kulturele erfenis te besin.*

Leeruitkoms 2
Vervolg

BESINNING

Die leerder is in staat om krities en skeppend oor kuns- en kultuurprosesse, -produkte en -style in die konteks van die verlede en die hede te besin.

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Visuele Kunste

- Versamel inligting uit uitstappies, onderhoude of ander bronne om die bydrae van kuns, kunshandwerk en ontwerp op die alledaagse lewe en op Suid-Afrika se erfenis te ontleed.

Graad 8

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om krities te dink en te besin oor kuns- en kultuurprosesse en -produkte wat met vraagstukke rondom menseregte in Afrika verband hou.*

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Visuele Kunste

- Identifiseer en verduidelik hoe fotografie, rolprentvervaardiging, beeldhouwerk en afdrukvervaardiging menseregteskendings kan dokumenteer.
- Lewer kommentaar op die komposisie, styl en onderwerp van kunswerke (bv. landskappe, portrette, stillewes, openbare kuns of weerstandskuns) oor tyd heen.

Graad 9

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om 'n kritiese interpretasie van die verband tussen wêreld- en plaaslike kultuur te bied.*

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Visuele Kunste

- Ondersoek en verduidelik die invloede en omstandighede wat vorm aan die ontwikkeling van 'n Suid-Afrikaanse, Afrika- of internasionale kunstenaar uit die verlede of hede gegee het.

Graad 7

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om saam met ander betrokke by kuns- en kultuuraktiwiteite te raak ten einde goeie sosiale verhoudings te ontwikkel en die wyse waarop nasiebou bevorder kan word, te verken.*

Leeruitkoms 3

DEELNAME EN SAMEWERKING

Die leerder is in staat om persoonlike en interpersoonlike vaardighede deur individuele en groepdeelname aan kuns- en kultuuraktiwiteite te toon.

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Oorkoepelend

- Omskep persoonlike ervarings in uitdrukkingsvorme.
- Gebruik kunsaktiwiteite om individuele en kollektiewe identiteit uit te druk.

Dans

- Toon vaardighede wat vertroue tydens samewerking met ’n maat opbou deur middel van aktiwiteite soos:
  - om kontrasterende en aanvullende vorms te skep wat visueel doeltreffend is;
  - om maniere uit te dink om saam met ’n maat gewig uit te balanseer.

Graad 8

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om inligting oor loopbane in kunsindustrieë met ander te deel en saam aan kunsondernemings te werk.*

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Oorkoepelend

- Beoefen entrepreneursvaardighede deur saam te werk om kunswerke te bemark.
- Pas tydsbestuur en selfdissipline toe om by sperdatums te hou.
- Verken en bespreek opleiding en loopbane op die gebied van kuns en kultuur – gebaseer op navorsing en terreinbesoeke.·
  Werk saam om:
  - interdissiplinêre aanbiedings te organiseer en doeltreffende organisasievermoëns en -vaardighede rondom beplanning, bestuur en bemarking te toon;
  - take en verantwoordelikhede doeltreffend te deel, bv. deur verskillende rolle in groepprojekte te speel.

Dans

- Doen navorsing en deel inligting oor opleiding en loopbane in dans, en verduidelik:
  - die soorte dansverwante loopbane wat daar is;
  - die soort eienskappe wat daarvoor benodig word;
  - die soort opleiding wat nodig is.

Graad 9

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om groepaktiwiteite te gebruik om ervarings rondom magsverhoudings te verken en met ander te deel.*

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Oorkoepelend

- Toon sorg vir en sensitiwiteit teenoor ander se gevoelens, waardes en houdings tydens die oplossing van probleme wat in kunsaktiwiteite ontstaan.
- Toon gewilligheid om nuwe kulturele idees te verken en die vermoë om stereotipes te heroorweeg.
- Erken individuele, groeps- en veranderende identiteite, insluitend nasionale, etniese, geslags- en taalgroep, ens.
- Druk eie identiteit en uniekheid in enige kunsvorm uit.

Dans

- Neem op verantwoordelike wyse deel aan vertrouensoefeninge – gebruik oogkontak, die oordrag en ontvangs van gewig (kontak-improvisasie) en die verkenning van aktiewe en passiewe rolle.

Graad 7

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om saam met ander betrokke by kuns- en kultuuraktiwiteite te raak ten einde goeie sosiale verhoudings te ontwikkel en die wyse waarop nasiebou bevorder kan word, te verken.*

Leeruitkoms 3
Vervolg

DEELNAME EN SAMEWERKING

Die leerder is in staat om persoonlike en interpersoonlike vaardighede deur individuele en groepdeelname aan kuns- en kultuuraktiwiteite te toon.

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Drama

- Werk met sensitiwiteit in 'n groep saam om tonele rondom persoonlike en sosiale vraagstukke te verken en te ontwikkel en met alternatiewe oplossings vir probleme te eksperimenteer.
- Toon die vermoë om aandagtig te luister, op tekens te reageer en harmonieus in 'n groepsgedramatiseerde koraalvers of gedramatiseerde prosastuk te praat en te beweeg.

Musiek

- Sing en/of speel Suid-Afrikaanse liedere uit verskillende kulture met die gepaste ritme, tempo en dinamika.
- Skep gepaste melodiese of nie-melodiese begeleiding vir enige Suid-Afrikaanse volksliedjie, lofsang of melodie.

Visuele Kunste

- Bespreek, beplan en deel hulpmiddels en hulpbronne met ander om 'n kollektiewe kunswerk of aanbieding wat nasiebou in Suid-Afrika bevorder, te lewer.

Graad 8

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om inligting oor loopbane in kunsindustrieë met ander te deel en saam aan kunsondernemings te werk.*

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Drama

- Identifiseer loopbane in die formele teater en massamedia, en verken moontlike ontwikkelings-geleenthede in die informele drama- en drama-verwante sektor.

Musiek

- Doen navorsing oor inligting oor musiek- en musiekverwante loopbane en opleiding en deel dit met ander.

Visuele Kunste

- Doen navorsing oor kuns-, kunshandwerk-, argitektuur-, ontwerp- en verwante loopbane en opleiding en deel dit met ander.

Graad 9

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om groepaktiwiteite te gebruik om ervarings rondom magsverhoudings te verken en met ander te deel.*

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Drama

- Speel in ’n klein groepie die leiersrol in dramatiese oefeninge en rolspel, en toon ’n bewustheid vir waarom dit nodig is om saam te werk en verantwoordelikhede te deel en vir die gevolge van oorheersing binne die groep.

Musiek

- Neem die rol aan van dirigent, sanger, musikant, bestuurder of begeleier in ensemble-musiekaktiwiteite.

Visuele Kunste

- Omskep sintuiglike ervarings en persepsies van mag in sosiale verhoudings in visuele kunswerke.

Graad 7

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om saam met ander betrokke by kuns- en kultuuraktiwiteite te raak ten einde goeie sosiale verhoudings te ontwikkel en die wyse waarop nasiebou bevorder kan word, te verken.*

Leeruitkoms 3 Vervolg

DEELNAME EN SAMEWERKING

Die leerder is in staat om persoonlike en interpersoonlike vaardighede deur individuele en groepdeelname aan kuns- en kultuuraktiwiteite te toon.

Assesseringstandaarde

(Daar is geen verdere assesseringstandaarde vir hierdie leeruitkoms in graad 7 nie.)

Graad 8

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om inligting oor loopbane in kunsindustrieë met ander te deel en saam aan kunsondernemings te werk.*

Assesseringstandaarde

(Daar is geen verdere assesseringstandaarde vir hierdie leeruitkoms in graad 8 nie.)

Graad 9

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om groepaktiwiteite te gebruik om ervarings rondom magsverhoudings te verken en met ander te deel.*

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Media: Addisioneel

- Maak ’n video of ander mediaproduk gebaseer op ’n onderwerp van haar of sy eie keuse; die produk moet die volgende toon:
  - begrip van die medium wat gekies is;
  - goeie aanwending van tegniese vaardighede;
  - duidelike uiteensetting van intrige of vraagstukke;
  - gepaste gebruik van ontwerpskenmerke;
  - begrip van die teikengehoor.

Graad 7

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om die rol van erfenis in die Suid-Afrikaanse kunste, uit die verlede en hede, te verken, uit te druk en te kommunikeer.*

Leeruitkoms 4

SKEPPING, INTERPRETASIE EN AANBIEDING

Die leerder is in staat om werk in elk van die kunsvorme te skep, te interpreteer en aan te bied.

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Dans

- Ondersoek die doel en funksie van verskillende tradisionele, klassieke en inheemse danse in Suid-Afrika wat aspekte van nasionale erfenis weerspieël, en bied dit aan.

Drama

- Doen navorsing oor ’n voorbeeld van ’n inheemse opvoering, soos ’n lofdig of volksverhaal, en bied dit aan.

Musiek

- Ondersoek en verduidelik die doel, funksie en rol van verskillende instrumente wat in inheemse, tradisionele of Westerse musiekvorms in Suid-Afrika gebruik word.

Graad 8

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om vraagstukke rondom stereotipering, diskriminasie en vooroordeel in kontemporêre kultuur te verken, uit te druk en te kommunikeer.*

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Dans

- Begryp en praat oor mense se wisselende vermoëns en inklusiwiteit in terme van dans.
- Debatteer die rolle wat tradisioneel in dans aan die verskillende geslagte toegeken is en verken en druk verskillende standpunte uit.

Drama

- Identifiseer ouderdom-, geslag-, klasse- en kulturele stereotipering in stories, teater, rolprente, televisie of radio oor tyd heen en in die hede.
- Ontwikkel ’n kort stuk of toneel om probleme rondom stereotipering, diskriminasie en vooroordeel in die skool of plaaslike gemeenskap te benadruk.

Musiek

- Identifiseer en verduidelik geslag- en/of kulturele stereotipering in die lirieke en instrumente wat oor tyd heen gebruik is en in die hede gebruik word.

Graad 9

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om ’n begrip van die impak van die massamedia en tegnologieë op kultuur en die kunste te verken, uit te druk en te kommunikeer.*

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Dans

- Verduidelik hoe dans die heersende waardes van ’n tyd weerspieël en daardeur gestalte kry, en hoe dit deur musiek, plek, mode en tegnologie beïnvloed word.

Drama

- Gebruik ’n drama-aanbieding om kritiek te lewer op die uitwerking van sepies, radioprogramme of ander beskikbare vorms van die uitvoerende media op mense se waardes en gedrag.

Musiek

- Verduidelik hoe musiek oor tyd heen deur tegnologie beïnvloed is.

Graad 7

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om die rol van erfenis in die Suid-Afrikaanse kunste, uit die verlede en hede, te verken, uit te druk en te kommunikeer.*

Leeruitkoms 4 Vervolg

SKEPPING, INTERPRETASIE EN AANBIEDING

Die leerder is in staat om werk in elk van die kunsvorme te skep, te interpreteer en aan te bied.

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Visuele Kunste

- Ondersoek en doen ’n aanbieding oor die oorsprong, doel en rol van tekens, nasionale of tradisionele simbole, standbeelde, erfenisterreine, liggaamsversiering, kunswerke, kleredrag of argitektuur.

Graad 8

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om vraagstukke rondom stereotipering, diskriminasie en vooroordeel in kontemporêre kultuur te verken, uit te druk en te kommunikeer.*

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Visuele Kunste

- Beskou en ontleed kommunikasie in verskillende massamedia en identifiseer ooglopende of verskuilde boodskappe, vooroordeel, stereotipering of propaganda.

Graad 9

Organiserende Beginsel: *Die leerder is in staat om 'n begrip van die impak van die massamedia en tegnologieë op kultuur en die kunste te verken, uit te druk en te kommunikeer.*

Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

Visuele Kunste

- Verduidelik hoe kultuur, lewenstyle, oortuigings en modes deur kuns weerspieël en beïnvloed word.
- Pas mediaproduksievaardighede toe, met inagneming van teikengroep, doel en ontwerpselemente (bv. skep 'n advertensie, klasnuusbrief, plakkaat, T-hemp, logo of advertensieklingel).

Oorkoepelend

- Kombineer afsonderlike kunsvorme om 'n nuwe uitdrukkingsvorm te skep.


TIRISANO
WORKING TOGETHER

HOOFSTUK 5
LEERDERASSESSERING

INLEIDING

Die assesseringsraamwerk vir die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole) is op die beginsels van uitkomsgebaseerde onderwys gegrond. Assessering moet op die doeltreffendste wyse moontlik 'n aanduiding van leerderprestasie verskaf en moet verseker dat leerders kennis en vaardighede integreer en toepas. Assessering moet leerders ook help om hul eie prestasie te evalueer, om doelwitte vir vordering te stel en dit behoort verdere leer aan te moedig.

Ten einde die proses van leerderassessering te ondersteun, doen hierdie Hersiene Nasionale Kurrikulum-verklaring die volgende:

- omskryf die leeruitkomste en die gepaardgaande assesseringstandaarde in elke leerarea en vir elke graad in die Algemene-Onderwys-en-Opleidingsband (graad R tot 9);
- kontekstualiseer die kritieke uitkomste en die ontwikkelingsuitkomste binne die leeruitkomste en assesseringstandaarde;
- plaas assesseringstandaarde sentraal in die assesseringsproses in elke graad. Assesseringstandaarde beskryf die vlak waarop leerders hul bereiking van die leeruitkoms(te) moet toon, asook die manier (diepte en breedte) waarop hulle hul prestasie moet toon.

Die volgende diagram illustreer die wisselwerking tussen die ontwerpselemente van die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring:



ASSESSERINGSBEGINSELS WAT IN UITKOMSGEBASEERDE ONDERWYS GEBRUIK WORD

Definisie

Assessering in die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring vir Graad R-9 (Skole) is ’n deurlopende en beplande proses van inligtingversameling oor leerderprestasie soos teen die assesseringstandaarde van die leeruitkomste gemeet. Dit vereis duidelik gedefinieerde kriteria en ’n verskeidenheid gepaste strategieë om onderwysers in staat te stel om opbouende terugvoering aan leerders te gee en om aan ouers en ander belangstellendes verslag te doen.

Kernelemente

Uitkomsgebaseerde onderwys is ’n manier van onderrig en leer wat duidelik maak wat daar van leerders verwag word om te behaal. Die beginsels waarvolgens dit werk, is dat die onderwyser voor onderrig plaasvind, bepaal en noem wat daar van leerders verwag word om te bereik. Dit is die onderwyser se taak om te onderrig ten einde leerders te help om aan die assesseringstandaarde in die kurrikulum te voldoen; die leerders se taak is om dit wat die assesseringstandaarde bepaal, te leer of te doen. Assessering is noodsaaklik in uitkomsgebaseerde onderwys, want dit is nodig om te assesseer wanneer ’n leerder dit wat in elke graad vereis word, bereik het.

Ten einde leerders te help om hul volle potensiaal te bereik, behoort assessering die volgende kenmerke te hê:

- deursigtig, demokraties, duidelik gefokus;
- geïntegreer met onderrig en leer;
- gebaseer op voorafbepaalde kriteria of standaarde;
- gevarieerd ten opsigte van metodes en kontekste;
- geldig, betroubaar, regverdig, bepaal volgens die tempo van die leerder en buigsaam genoeg om uitgebreide geleenthede te verseker.

Doelstellings van Assessering

Die hoofdoel met die assessering van leerders is om hulle individueel te laat groei en ontwikkel, om leerders se vordering te monitor en om hul leer te fasiliteer. Ander gebruike van assessering sluit die volgende in:

- *grondlynassessering van vroeëre leer*
  Grondlynassessering word gewoonlik aan die begin van 'n graad of fase gebruik om vas te stel wat leerders reeds weet. Dit stel onderwysers in staat om leerprogramme en leeraktiwiteite te beplan.

- *diagnostiese assessering*
  Diagnostiese assessering word gebruik om vas te stel wat die aard en oorsaak van spesifieke leerders se leerstruikelblokke is. Dit word opgevolg deur gepaste strategieë vir ondersteuning of tussentrede.

- *formatiewe assessering*
  Formatiewe assessering monitor en ondersteun die leer- en onderrigproses en word gebruik om onderwysers en leerders oor 'n leerder se vordering in te lig ten einde leer te verbeter. Opbouende terugvoering word gegee om leerders in staat stel om te groei.

- *summatiewe assessering*
  Summatiewe assessering gee 'n geheelbeeld van 'n leerder se vordering op 'n gegewe tydstip, soos aan die einde van 'n kwartaal of jaar of wanneer 'n leerder na 'n ander skool gaan.

- *sistemiese assessering*
  Sistemiese assessering is 'n manier om die gepastheid van die onderwysstelsel te evalueer. Een komponent hiervan is die assessering van leerderprestasie ten opsigte van nasionale aanduiders. Sistemiese assessering word aan die einde van elke fase van die Algemene-Onderwys-en-Opleidingsband uitgevoer. 'n Verteenwoordigende steekproef skole en leerders word provinsiaal of nasionaal vir sistemiese assessering gekies.

DEURLOPENDE ASSESSERING

Kenmerke van Deurlopende Assessering

Deurlopende assessering is die belangrikste metode waarvolgens assessering in die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring plaasvind. Dit dek al die assesseringsbeginsels van uitkomsgebaseerde onderwys en verseker dat assessering aan die volgende vereistes voldoen:

- *vind oor 'n tydperk en voortdurend plaas:* Leer word gereeld geassesseer en rekords van leerders se vordering word regdeur die jaar bygehou.

- *ondersteun leerders se groei en ontwikkeling:* Leerders raak aktiewe deelnemers aan die leer- en assesseringsproses, verstaan die kriteria wat vir assesseringsaktiwiteite gebruik word, is betrokke by selfevaluering, stel hul eie individuele doelwitte, besin oor hul leerproses en ervaar sodoende 'n verbetering in hul selfbeeld.

- *verskaf terugvoering oor leer en onderrig:* Terugvoering is 'n kernelement in formatiewe assessering. Metodes van terugvoering sluit in: gepaste vraagstelling, mondelinge of skriftelike kommentaar deur die onderwyser wat fokus op dit wat deur 'n assesseringsaktiwiteit bereik moes word, en aanmoediging van leerders.

- *maak voorsiening vir geïntegreerde assessering:* Dit kan beteken dat etlike verwante leeruitkomste in 'n enkele aktiwiteit gebruik word en dat verskeie assesseringsmetodes gekombineer word. Bevoegdheid in spesifieke leeruitkomste kan op talle verskillende maniere getoon word; dus moet 'n verskeidenheid assesseringsmetodes en geleenthede waartydens leerders hul vermoë kan toon, gebruik en verskaf word.

- *gebruik strategieë wat vir 'n verskeidenheid leerderbehoeftes voorsiening maak (taal, fisiek, sielkundig, emosioneel en kultureel):* Deurlopende assessering gee onderwysers geleentheid om sensitief vir leerders met spesiale onderwysbehoeftes te wees en om leerstruikelblokke met behulp van 'n buigsame benadering te oorkom. Leerders het almal hul eie leerstyl en leer teen hul eie tempo. Alle leerders hoef nie terselfdertyd en op dieselfde manier geassesseer te word nie.

- *maak voorsiening vir summatiewe assessering:* Die akkumulasie van die resultate van deurlopende assesseringsaktiwiteite verskaf 'n geheelbeeld van 'n leerder se vordering op 'n gegewe tydstip. Summatiewe assessering moet van die begin van die jaar sorgvuldig beplan word ten einde 'n verskeidenheid assesseringstrategieë in te sluit – byvoorbeeld oefeninge, take, projekte, skool- en klastoetse – wat aan leerders 'n verskeidenheid geleenthede sal verskaf om te wys wat hulle geleer het.

Assesseringstrategieë

Die keuse van watter assesseringstrategieë om te gebruik, is subjektief en uniek aan elke onderwyser, graad en skool. Dit hang ook af van die onderwyser se professionele oordeel. Die beskikbaarheid van ruimte en hulpmiddels beïnvloed hierdie besluit, maar selfs wanneer eenderse hulpmiddels beskikbaar is, verskil die manier waarop onderwysers keuses maak.

Metodes wat vir assesseringsaktiwiteite gekies word, moet gepas wees vir die assesseringstandaarde wat geassesseer word. Al die betrokke leerders en onderwysers moet ook die doel van die assessering duidelik verstaan. Bevoegdheid kan op verskeie maniere getoon word. 'n Verskeidenheid metodes is dus nodig om aan leerders geleentheid te bied om hul vaardighede ten volle te demonstreer.

Algemene Assesseringstake

Die doel van Algemene Assesseringstake is die volgende:
- verseker konsekwentheid in onderwyseroordele;
- bevorder die stel van algemene standaarde;
- versterk die kapasiteit vir skoolgebaseerde deurlopende assessering;
- verhoog die akkuraatheid van die assesseringsproses en -instrumente;
- verseker dat skoolgebaseerde assesseringstake bevoegdheid en prestasie behoorlik assesseer;
- verseker uitgebreide geleenthede vir leerders.

Algemene Assesseringstake word op provinsiale, distriks- of groeperingsvlak gestel. Dit word deur onderwysers geassesseer en ekstern gemodereer.

DIE BESTUUR VAN ASSESSERING

Mense betrokke by Assessering

Die skool en die onderwysers het die oorkoepelende verantwoordelikheid vir die assessering van leerders. Daar word van onderwysers verwag om 'n geldige, betroubare en geloofwaardige assesseringsproses te skep. Provinsiale beleid behoort die betrokkenheid van leerders, skoolassesseringspanne, distrikshulpdienste en ouers, soos gepas, te verseker.

Skoolassesseringsprogram

Elke skool moet 'n assesseringsprogram gegrond op provinsiale en nasionale riglyne ontwikkel. Skole moet 'n skoolassesseringsplan en 'n span hê om die implementering van hierdie program te fasiliteer. Die span behoort verteenwoordigers uit elke fase en leerarea daarin te hê.

Om 'n professionele benadering tot leerderassessering te verseker, moet die skool se assesseringsprogram die

volgende duidelik uiteensit:
- die manier waarop deurlopende assessering beplan en geïmplementeer word;
- hoe rekordboeke/verslagboeke gehou moet word en die toeganklikheid en sekuriteit daarvan;
- die assesseringskodes wat deur die provinsie bepaal is;
- interne verifikasie van assessering;
- hoe moderering in die skool plaasvind;
- hoe dikwels rapportering plaasvind en die metode daarvan;
- die monitering van alle assesseringsprosesse;
- die opleiding van personeel ten opsigte van assessering.

Gebiede waar inskoolopleiding moet plaasvind, sluit in:
- hoe om kriteria vir assessering en assesseringstabelle te gebruik;
- hoe onderwysers in dieselfde graad op die vereistes vir die bereiking van leeruitkomste kan besluit;
- hoe om kommentaar vir assesseringsuitslae en rapporte te skryf;
- hoe om ’n algemene begrip van die skool se assesseringsprogram te verseker.

VERSLAGHOUDING

Verslagboeke

Goeie verslag- of rekordhouding is noodsaaklik in alle assessering, veral in deurlopende assessering. ’n Verslagboek of -lêer moet deur elke onderwyser gehou word. Dit moet die volgende bevat:
- name van leerders;
- datums van assessering;
- naam en beskrywing van assesseringsaktiwiteite;
- die uitslae van assesseringsaktiwiteite, volgens leerareas of leerprogramme;
- kommentaar vir steundoeleindes.

Alle rekords moet toeganklik wees, maklik wees om te interpreteer, veilig bewaar word, vertroulik wees en nuttig in die onderrig- en rapporteringsproses wees.

Die assesseringsprogram bepaal die besonderhede van hoe verslagboeke ingevul moet word. Die assesseringskodes word gebruik om aan te dui hoe die leerder in terme van die leeruitkomste presteer. Die kodes wat gebruik word, moet duidelik en verstaanbaar vir leerders en ouers wees.

Kodes vir Gebruik by Assessering

Daar bestaan talle maniere waarop terugvoering oor assessering aan leerders gegee kan word en hoe onderwysers dit kan opteken. Die keuse van die beste manier van terugvoering vir ’n assesseringsaktiwiteit sal van verskeie faktore afhang, soos:
- die aantal leerders in die klas en die tyd wat die onderwyser beskikbaar het;
- die kompleksiteit en lengte van die assesseringsaktiwiteit;
- die leerinhoud of vaardighede wat geassesseer word;
- hoe gou terugvoering gegee word;
- hoe geïndividualiseer die terugvoering is;
- die kriteria (of assesseringstabelle) wat die onderwyser gebruik om leerderprestasie te beskryf;
- of leerders se prestasie met klasmaats se prestasie of vorige prestasie vergelyk gaan word, en/of die vereistes van die assesseringstandaarde en leeruitkomste.

Sommige assesseringskodes is meer gepas vir sekere doeleindes as ander. Skriftelike kommentaar kan byvoorbeeld besonderhede verskaf, persoonlik wees en voorstelle vir verbetering verskaf. Dit is ook nuttig vir rapportering oor leerderprestasie ten opsigte van assesseringstandaarde. Dit neem egter lank om kommentaar te skryf en is nie baie maklik om op te teken nie. Kodes soos "Uitstekend", "Baie goed", "Goed", "Bevoeg" en "Onvoldoende" is veel vinniger om te skryf en maak dit moontlik om prestasie met vorige werk te vergelyk en teen assesseringstandaarde te assesseer. Hierdie kodes verskaf egter nie die besonderhede wat skriftelike kommentaar moontlik maak nie. Punte kan weer vinnig opgeteken word en opgetel, vermenigvuldig en gedeel word. Dit is nuttig wanneer leerders se prestasie in verhouding tot ander in die klas en tot ander grade of skole geassesseer word. Punte verskaf egter min inligting oor leerders se prestasie in terme van die assesseringstandaarde.

'n Paar voorbeelde van ander assesseringskodes is:
- nog nie bereik nie; deels bereik; bereik;
- uitstekende standaard; bevredigende prestasie; benodig ondersteuning;
- A, B, C;
- frases (of assesseringstabelle) wat spesifiek vir die assesseringsaktiwiteit of rapport ontwerp is.

Dit maak nie saak watter assesseringskodes gebruik word nie, terugvoering is altyd doeltreffender wanneer dit met skriftelike kommentaar gekombineer word. Wanneer leerders skriftelike terugvoering eerder as net 'n punt ontvang, is daar 'n groter kans op verbetering in hul prestasie. Alhoewel punte en persentasies baie nuttig vir verslaghouding is omdat dit maklik is om op te teken, is dit dikwels nie nuttig vir terugvoering of rapportering nie. Ander probleme wat deur punte geskep word, is dat dit saamgevoeg en gemanipuleer kan word en dat dit veel in verband met 'n leerder se prestasie en vordering verbloem. Indien leerders meer as een assesserings-aktiwiteit gedoen het, bestaan die versoeking om die punte op te tel en die gemiddeld uit te werk. Wanneer dit gedoen word, verloor punte hul nut om spesifieke inligting oor te dra. 'n Gemiddelde of saamgevoegde punt verbloem die feit dat 'n leerder in een opsig goed aan die verlangde vereiste voldoen het, maar nie in 'n ander nie.

Punte gee 'n geheelindruk van prestasie, maar gee nie aan die leerder die redes vir die assessering van die prestasie (of gebrek aan prestasie) nie. Dit gee ook nie spesifieke riglyne vir verbetering nie. Punte beskryf verder ook nie leerdervordering oor tyd heen voldoende nie. Dikwels word dit as goeie vordering beskou wanneer 'n leerder dieselfde punt as vroeër behaal (mits dit 'n bevredigende punt is). 'n Punt van 70 vir 'n graad 5-assesseringstandaard en 'n punt van 70 vir 'n graad 6-assesseringstandaard verbloem hoe die leerder tydens die jaar gevorder het. Sodanige vordering kan beter deur middel van 'n stelling, kode of skriftelike kommentaar beskryf word.

Nasionale Kodes

In die verslaghouding van of rapportering oor leerderprestasie in die leeruitkomste van 'n bepaalde graad moet die volgende kodes gebruik word:

4 = Leerder se prestasie het die vereistes vir die leeruitkoms vir die graad ***oortref***.
3 = Leerder se prestasie het aan die vereistes vir die leeruitkoms vir die graad ***voldoen***.
2 = Leerder se prestasie het ***gedeeltelik*** aan die vereistes vir die leeruitkoms vir die graad ***voldoen***.
1 = Leerder se prestasie het ***nie*** aan die vereistes vir die leeruitkoms vir die graad ***voldoen nie***.

Vorderingskedules

Aan die einde van elke jaar moet ’n vorderingskedule voltooi word en deur die skoolhoof en ’n departementele amptenaar onderteken word. Die vorderingskedule is ’n verslag/rekord met ’n opsomming van inligting rakende die vordering van al die leerders in die graad in die skool.

Die vorderingskedule behoort die volgende inligting te bevat:
- naam van die skool en die skoolstempel;
- ’n lys van die leerders in elke graad;
- kodes vir vordering in elke leerarea (nasionale koderingstelsel);
- kodes vir vordering in elke graad (vorder na die volgende graad of bly in dieselfde graad);
- kommentaar op sterk punte en areas wat ondersteuning in elke leerarea vereis;
- datum en handtekening van die skoolhoof, onderwyser of ander opvoeder, en departementele amptenaar.

Leerderprofiele

’n Leerderprofiel is ’n deurlopende verslag wat ’n volledige beeld van ’n leerder se prestasie verskaf, insluitend die holistiese ontwikkeling van waardes, houdings en sosiale ontwikkeling. Dit help die onderwyser in die volgende graad of skool om die leerder beter te verstaan en dus gepas op haar of hom te reageer. Elke leerder se leerderprofiel moet veilig bewaar word en moet leerders deur hul skoolloopbaan vergesel.

Die volgende soort inligting behoort in ’n leerderprofiel te verskyn:
- persoonlike inligting;
- fisieke toestand en mediese geskiedenis;
- skole bygewoon en ’n rekord van bywoning;
- deelname aan en prestasie in buitemuurse aktiwiteite;
- emosionele en sosiale gedrag;
- ouerbetrokkenheid;
- areas wat addisionele ondersteuning benodig;
- opsomming van oorkoepelende rapport aan die einde van die jaar;
- opsommende verslae/rekords van skooljare.

Let Wel:
- Die leerderprofiel vervang alle vorige deurlopende verslagdokumente wat in skole gebruik is, soos verslagkaarte en Olab-kaarte. Die sentrale doel van ’n leerderprofiel is om ’n leerder by te staan deur toegang tot die verskeidenheid inligting daarin te verskaf.
- Persoonlike inligting in ’n leerderprofiel behoort nooit vir onregverdige of diskriminerende optrede teen ’n leerder gebruik te word nie.
- Leerderprofiele moenie met portefeuljes verwar word nie. ’n Portefeulje is ’n assesseringsmetode wat die leerder en onderwyser saam geleentheid bied om werk wat vir etlike assesseringsaktiwiteite gedoen is, in ag te neem. Die werk word in ’n lêer of houer geplaas. Die leerderprofiel, daarenteen, is ’n rekord wat inligting oor ’n leerder bevat.

RAPPORTE

Inligting wat in Rapporte moet Verskyn

Onderwysers moet aanspreeklik teenoor leerders, ouers, die onderwysstelsel en die gemeenskap as ’n geheel

wees wanneer hulle leerders assesseer. Dit vind deur rapportering plaas. Benewens skriftelike rapporte kan mondelinge of praktiese aanbiedings en uitstallings van leerders se werk ook gebruik word.

Elke rapport of verslag oor ’n leerder se algehele vordering behoort inligting in te sluit oor:
- die leer wat plaasgevind het;
- die leerder se bevoegdhede;
- ondersteuning wat nodig is;
- opbouende terugvoering, wat kommentaar oor die leerder se prestasie in verhouding tot klasmaats en die leerder se vorige prestasie ten opsigte van die vereistes van die leerprogramme of leerareas behoort te bevat.

Rapportering aan ouers behoort op ’n gereelde grondslag plaas te vind ten einde hul betrokkenheid en deelname aan te moedig. Onderwysers moet aan die einde van elke kwartaal formele rapporte vir rapportering gebruik. Dit sal gewoonlik nie moontlik wees om inligting oor prestasie in elke leeruitkoms te gee nie. Rapporte behoort egter inligting oor prestasie in elke leerarea of leerprogram (in die geval van die Grondslagfase) te verskaf.

Rapporte

Die minimum vereistes vir ’n rapport is:

1) *Basiese inligting*
- naam van skool;
- naam van leerder;
- graad van leerder;
- geboortedatum van leerder;
- jaar en kwartaal;
- handtekening van ouer of voog en datum;
- handtekening van onderwyser en datum;
- handtekening van skoolhoof en datum;
- datum wanneer skool sluit en heropen;
- skoolstempel;
- skoolbywoningsprofiel;
- verduideliking van die kodes van die nasionale koderingstelsel.

2) *Sterk punte en behoeftes*
- Gee ’n beskrywing van die leerder se sterk punte en ontwikkelingsbehoeftes of areas wat ondersteuning in elke leerarea of leerprogram benodig.
- Gebruik die nasionale koderingstelsel om prestasie teen die assesseringstandaarde en die leeruitkomste wat tot dusver gedek is, te evalueer – dit is nie nodig om ’n kode vir elke leeruitkoms te gee nie. In die rapport aan die einde van die jaar moet die leerder se algehele prestasie in die leerareas getoon word.

3) *Kommentaar op elke leerarea of leerprogram*

Lewer kommentaar op elke leerarea of leerprogram, spesifiek in die geval van leerders wat die vereistes oortref het of ondersteuning benodig. Kommentaar op spesifieke sterk punte of areas wat ondersteuning benodig, behoort met die assesseringstandaarde geskakel te word. Hierdie kommentaar sal ouers, leerders en ander opvoeders in staat stel om te begryp watter ondersteuning die leerder benodig.

NASLAANLYSTE

WOORDELYS: KURRIKULUM EN ASSESSERING

Hier volg 'n alfabetiese lys kernterme wat in die ontwerp van die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole) en in die meegaande leerderassesseringsbeginsels gebruik word.

Algemene-Onderwys-en-Opleidingsband – die tien verpligte skooljare wat uit die Grondslag-, Intermediêre en Senior Fase bestaan

Algemene-Onderwys-en-Opleidingsertifikaat – sertifikaat wat na suksesvolle voltooiing van die Algemene-Onderwys-en-Opleidingsband verwerf word

assessering – 'n deurlopende, beplande proses van inligtingversameling oor leerderprestasie, gemeet teen die assesseringstandaarde

assesseringstandaarde – die kennis, vaardighede en waardes wat leerders moet toon ten einde die leeruitkomste in elke graad te bereik

deurlopende assessering – 'n assesseringsmodel wat die integrasie van assessering in onderrig en in die ontwikkeling van leerders deur middel van deurlopende terugvoering aanmoedig

formatiewe assessering – hierdie vorm van assessering assesseer leerdervordering tydens die leerproses ten einde terugvoering te verskaf wat leer sal versterk

grondlynassessering – aanvanklike assessering wat gebruik word om uit te vind wat leerders reeds weet

Grondslagfase – die eerste fase van die Algemene-Onderwys-en-Opleidingsband: graad R, 1, 2 en 3

integrasie – 'n kernontwerpsbeginsel van die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring wat vereis dat leerders hul kennis en vaardighede van ander leerareas of van verskillende dele van dieselfde leerarea moet gebruik ten einde take en aktiwiteite uit te voer

Intermediêre Fase – die tweede fase van die Algemene-Onderwys-en-Opleidingsband: graad 4, 5 en 6

kritieke uitkomste – saam met die ontwikkelingsuitkomste die kernuitkomste van die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole) en deur die Grondwet geïnspireer; dit sluit in kernlewensvaardighede vir leerders, soos kommunikasie, kritiese denke, aktiwiteits- en inligtingsbestuur, groep- en gemeenskapswerk en evalueringsvaardighede

Kurrikulum 2005 – die eerste weergawe van die Nasionale Kurrikulumverklaring in Suid-Afrika ná apartheid. Die onderwysbeleidsdokument van 1997 verskaf ’n raamwerk vir Vroeëkindontwikkeling, Algemene Onderwys en Opleiding, Verdere Onderwys en Opleiding en Basiese Onderwys en Opleiding vir Volwassenes. Die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole) is daarop gerig om Kurrikulum 2005 te versterk.

leerareas – die agt kennisvelde in die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole): Tale, Wiskunde, Natuurwetenskappe, Tegnologie, Sosiale Wetenskappe, Kuns en Kultuur, Lewensoriëntering, en Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

leerareaverklarings – die verklaring vir elke leerarea wat die leeruitkomste en assesseringstandaarde vir daardie leerarea uiteensit

leerderprofiel – ’n omvattende verslag oor ’n leerder se vordering, insluitend persoonlike inligting, sosiale ontwikkeling, ondersteuningsbehoeftes en jaarlikse rapporte

leerprogramme – programme van leeraktiwiteite, insluitend inhoud en onderrigmetodes; hierdie programme word deur die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole) onderlê, maar deur provinsies, skole en onderwysers ontwikkel

leeruitkomste – leeruitkomste spruit voort uit die kritieke en ontwikkelingsuitkomste en dui aan wat leerders aan die einde van ’n graad, fase of band moet weet en in staat moet wees om te doen

nasionale koderingstelsel – ’n standaard- nasionale stelsel van prestasiekodes ten einde oor ’n leerder se vordering verslag te doen

ontwikkelingsuitkomste – saam met die kritieke uitkomste die kernuitkomste van die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole) en deur die Grondwet geïnspireer; dit is daarop gerig om leerders in staat te stel om doeltreffend te leer en om verantwoordelike, sensitiewe en produktiewe burgers te word

portefeulje – individuele lêer of omslag van elke leerder se werk

Senior Fase – die derde en laaste fase van die Algemene-Onderwys-en-Opleidingsband: graad 7, 8 en 9

summatiewe assessering – dit verskil van formatiewe assessering aangesien dit na gereelde verslae oor ’n leerder se vordering verwys, gewoonlik aan die einde van ’n kwartaal of jaar

taal van onderrig en leer – die taal wat die meeste in ’n bepaalde leer- en onderrigomgewing gebruik word; sommige leerders ervaar onderrig en leer in ’n addisionele taal (nie hul huistaal nie)

uitkomste – die resultate aan die einde van die leerproses in uitkomsgebaseerde onderwys; hierdie uitkomste help met die vorming van die leerproses

uitkomsgebaseerde onderwys – 'n onderwysproses wat prestasiegeoriënteerd, aktiwiteitsgebaseerd en leerdergerig is; in die navolging van hierdie benadering is Kurrikulum 2005 en die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole) daarop gerig om lewenslange leer aan te moedig

uittreevlak – wanneer leerders graad 9 voltooi en die Algemene-Onderwys-en-Opleidingsertifikaat verwerf

vordering – 'n kernontwerpsbeginsel van die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole) wat die leerder in staat stel om geleidelik meer gekompliseerde, dieper en breër kennis, vaardighede en begrip in elke graad te ontwikkel

vorderingskedules – die instrument vir die aantekening van alle leerders se vordering in 'n graad aan die einde van 'n jaar; dit sluit kodes in vir vordering in elke leerprogram of leerarea en graad en opmerkings oor nodige ondersteuning

WOORDELYS: KUNS EN KULTUUR

Algemeen

artefak – iets wat deur 'n mens vervaardig is; produk van menslike kunssinnigheid en vakmanskap

bevestig, waardeer en erken – om positief op ander mense se kulturele en kunsvervaardigingsaktiwiteite te reageer deur belangstelling, respek en aanmoediging te toon

erfenis – tradisies, herinneringe, verhale en ondervindings van gemeenskappe wat van geslag tot geslag oorgedra of oorgeërf word

estetiese wêreld – waar leerders hul ontwikkelende smaak/voorkeure gebruik om te besluit wat hulle in skeppende werk verkies, wat volgens hul eie idees vir hulle mooi, 'n goeie komposisie of interessant is, of stimulerende idees prikkel

geletterdheidsvorme –

aangeleerde vertolkingsvaardighede, byvoorbeeld:

- mondelinge/orale: begryp stories, geskiedenisse en ervarings;
- ouditiewe: vermoë om te luister ten einde mondelinge, musiek- en dramatiese werke te vertolk;
- visuele: die bedrewe uitdrukking van menings oor, en die vervaardiging, waardering en vertolking van visuele kunswerke;
- ruimtelike: vermoë om afstand, hoogte, diepte en breedte te vertolk en te gebruik;
- kinestetiese: bewegingsin en 'n bewustheid van die betekenis van beweging en aanraking

genre – soort of kategorie dans, musiek, letterkunde of kuns

gepaste (gehoor-) gedrag – die gedragskonvensies waarvolgens ons na ’n opvoering kyk of luister, soos wanneer om te klap, wanneer om stil te wees, wanneer om te reageer; daar is nie ’n enkele stel gedragsreëls nie, aangesien dit dikwels kultuurgebonde is

indlamu/famu – ’n komplekse kultuurgenre van die Zoeloes en Basoeto wat van sang, dans, dramatisering, poësie en ontwerp gebruik maak

kgati – ’n touspringspel waar ritme, tyd en limerieke probleemoplossing bevorder

kiba/mmapadi – ’n komplekse kultuurgenre van die Bapedi wat van sang, dans, dramatisering, poësie en ontwerp as wesentlike elemente gebruik maak

kinestesie (spierbewustheid) – bewegingsin; ’n bewustheid van die betekenis van beweging en aanraking/tas

klassieke, tradisionele kuns – gewoonlik (maar nie altyd nie) ouer vorme van kuns wat meestal opgeteken, bestudeer en deel van ’n kultuurerfenis gemaak is. Beskouings van wat “tradisioneel” of “klassiek” is, verander met verloop van tyd. Verwys ook na vormende kunste en verdwynende en verwaarloosde kunsvorme.

kontemporêre vraagstukke – onderwerpe wat tans bespreek word of aandag kry

kultuur – kultuur sluit alles in wat met die intellektuele, geestelike, estetiese, emosionele, morele en materiële te doen het. Leerders moet ook begryp dat kultuur na lewenswyses verwys en dat dinge op ’n bepaalde tyd en plek sin maak. Hulle moet besef dat kultuur ’n geskiedenis en ’n konteks het en dat verskillende kulture mekaar beïnvloed.

malende – ’n komplekse kultuurgenre van die vhaVenda wat van sang, dans, dramatisering, poësie en ontwerp gebruik maak

masekitlana – ’n kinderspeletjie wat gewild onder die Sotho’s (Bapedi, Batswana, Basoeto) van Suid-Afrika is. Klippe, wat mense voorstel, word gebruik om stories te vertel. Hierdie speletjie kan as ’n assesseringsaktiwiteit vir kreatiewe dramatisering en vir storievertelling onder kinders gebruik word.

mtshongolo – ’n komplekse kultuurgenre van die Xongas wat van sang, dans, dramatisering, poësie en ontwerp gebruik maak

ontwerpsbegrippe – die gebruik van ruimte, vorm en lyn, intrige, konstruksie, elemente van komposisie (soos struktuur, lengte, grootte, kleur) en ander soorte ontwerp wat tot die skepping van verskillende kunsvorme bydra

stereotipe – wanneer al die lede van ’n groep as eenders gereken word (bv. “alle mans is sterk”); dikwels deel van ernstige vooroordeel, soos rassisme, seksisme, homofobie, xenofobie

tshikona – ’n komplekse kultuurgenre van die vhaVenda wat van sang, dans, dramatisering, poësie en ontwerp gebruik maak

verdwynende en verwaarloosde kunsvorme – sekere kunsvorme het uitgesterf as gevolg van die oorheersing van ander kultuurkragte en veranderinge wat deur tegnologie teweeggebring is. In Suid-Afrika is die kunsvorme wat verwaarloos of ontken is, of verlore geraak het, gewoonlik inheems, hoewel dit nie altyd die geval is nie.

vormende/ontluikende kuns – hedendaagse, eksperimentele of histories ontkende kunsvorme wat ’n uitdaging bied aan konvensionele of tradisionele kunsbeoefening; elke era het sy eie vormende kuns

wolhaarstories, leuens, fantasieë en belaglike stories – weergawes wat nie op die waarheid of werklikheid gebaseer is nie (wolhaarstories is oordrewe en verdraai, en fantasieë behels wense en drome)

Dans

aksiale beweging – liggaamsbeweging rondom die basis (die ruggraat), wat op een plek geanker is en nie rondbeweeg nie

algemene ruimte – ruimte wat met ander gedeel word

artikulasie van die voete – die wyse waarop die gewrigte en skarniere van die ledemate gebruik word (bv. na ’n sprong land ’n mens eers op die tone, daarna die hakke, gevolg deur ’n kniebuiging om die ruggraatskokke wat met platvoetige bewegings gepaard gaan, te voorkom

asimmetrie – ’n element van ontwerp wat die oneweredige balans van dele behels

bewegingsgehalte – identifiserende kenmerke wat uit die vlot en smaakvolle gebruik van energie, vloei, presisie en dinamika voortvloei

choreografie – die kuns om danse te skep

dinamika – beeldende inhoud en die gehalte van die poging wat deur die onderlinge verband tussen ruimte, tyd en krag gevorm word

frase – ’n kort reeks verwante bewegings wat ’n gevoel van ritmiese voltooiing insluit

improvisasie – beweging wat spontaan as ’n respons tot ’n stimulus met ’n element van kans ontstaan

isolasie – die beweging van afsonderlike of individuele liggaamsdele

kanon – choreografiese en komposisionele vorm waarin individue en groepe dieselfde beweging of frase uitvoer, maar op verskillende tye begin

kontak-improvisasie – dans waarin daar liggaamlike kontak met ander dansers voorkom en daar gewig van een na die ander oorgedra en ondersteuning aan mekaar gegee word

kragte – energie, impuls, momentum, gewig en intensiteit van beweging of uitdrukking

lateraliteit – wanneer ledemate die middellyn kruis

liggaamslyn of -oplyning – die verhouding tussen die skelet, swaartekrag en die ondersteuningsbasis; die wyse waarop die knieë oor die middelste tone in lyn gebring word

lokomotoriese beweging – beweging van een plek na ’n ander

middellyn – ’n denkbeeldige lyn wat van bo na onder deur die middel van die liggaam gaan

motief – die oorheersende of dominante idee van ’n kunskomposisie

ontspanne – met min spanning in die liggaamsgewrigte en -spiere

ontwerpselemente – die gebruik van ruimte, tyd en kragte om improvisasies en konstruksies te struktureer; sien **ontwerpsbegrippe** by Algemeen

opwarming – bewegings en oefeninge wat ontwerp is om die liggaamstemperatuur te laat styg en die gedagtes te fokus

persoonlike ruimte – die “ruimteborrel” wat elke individu inneem

poliritmes – verskeie ritmes met verskillende klanke wat gelyktydig gebruik word

rigting – die “pad” wat ’n beweging in ruimte volg en die verhouding van die liggaam tot ruimte

ritme – die organisasie of struktuur van musiek of beweging met betrekking tot tyd

ritueel – ’n bekende en herhaalde seremonie, of ’n oefenroetine

simmetrie – ’n ontwerpselement wat die gelyke balans tussen dele behels, d.w.s. albei helftes van die ontwerp is identies

sosiale dans – ’n dans wat tipies op sosiale byeenkomste, by klubs en op partytjies gedans word

styl – wanneer daar op ’n bepaalde manier beweeg of volgens bepaalde bewegingsekwensies beweeg word; die tipiese elemente van ’n dans wat dit as die skepping of opvoering van ’n spesifieke kunstenaar, tydperk, choreograaf of kultuur identifiseer

tempo – die spoed of pas, d.w.s. vinnig of stadig

tradisioneel – danse en dansvorme wat uit mense se tradisies voortgespruit het

vlak – liggaamshoogte in vergelyking met die grond, gewoonlik met betrekking tot die liggaamsposisie

volgehoue beweging – aanhoudende, vloeiende beweging

vraag-en-antwoord – ’n solis of groep lewer ’n uitvoering en ’n tweede solis of groep reageer daarop; word ook so genoem in dansimprovisasie

vrygestelde gebruik van gewrigte – “vryheid” in of vrye gebruik van die liggaamsgewrigte om die maksimum bewegingsomvang toe te laat

Drama

artikulasie – die aksie of proses waardeur woorde uitgespreek of gesing word

dokumentêr – ’n verslag gegrond op ’n werklike gebeurtenis of ’n ondersoek na werklike situasies; gewoonlik ’n kort rolprent of televisiefilm

dokumentêre drama – ’n gedramatiseerde voorstelling van ’n lewensegte situasie of onderwerp

dramatiese elemente – al die kenmerke waarmee dramatiese betekenis oorgedra word (bv. situasies, rolle, verhoudings, dramatiese spanning, fokus, tyd, taal, beweging, stemming, simbole)

fokus – aandag op die aksie deur konsentrasie en behoud van die dramatiese spanning, en word bereik deur, byvoorbeeld, oogkontak, rekwisiete, gebruik van ruimte, taal

fragment – ’n kort stuk dialoog, gewoonlik vir twee persone

geanimeerde klippe, mieliekoppe – klippe, mieliestronke of enige ander voorwerpe wat tradisioneel in kinderspeletjies gebruik word en waaraan daar ’n persoonlikheid of karakter (wat by die voorwerp se voorkoms pas) toegeken word

improvisasie – die spontane opmaak/uitdink van ’n toneel terwyl dit opgevoer word; daar word soms later na sulke weergawes teruggekeer om dit uit te bou, te herhaal en te verfyn

intonasie – melodieuse styging en daling van die stemtoonhoogte wanneer ’n frase of sin gepraat word; wanneer daar na ’n woord of sillabe verwys word, staan dit bekend as infleksie

konvensies – praktyke wat algemeen as die norm aanvaar word (bv. die manier waarop ’n gehoor en akteurs optree, soos om hande te klap of ’n toneel in te lei)

koraalvers – poësie wat deur ’n groep voorgedra word en van handelingseenheid en harmonieuse toonhoogte gebruik maak

musiekblyspel – ’n ligte, romantiese toneelstuk of rolprent waarin die dialoog deur sang- en dansnommers afgewissel word

oordrywing – om iets onrealisties, onwerklik of onnatuurlik te maak; te vergroot

opera – ’n uitgebreide dramatiese werk waarin musiek die oorheersende kenmerk is

pas – die spoed of tempo waarteen ’n akteur praat; die tempo waarteen die aksie in ’n drama ontvou

projeksie – om die stem vorentoe te “gooi” om die luisteraars te bereik; om ’n rol goed oor te dra en te handhaaf

resonansie – die vergroting van spraakklanke

rol – die karakter of deel wat deur ’n akteur gespeel word

rolspel – om ’n situasie sonder ’n voorbereide drama of teks te “speel” of te vertolk

scenario – hooftrekke van die intrige of storie wat deur die akteurs ontwikkel moet word

spanning – die element wat ’n drama aandryf, geskep deur die taak, verhoudings, verrassings en geheimsinnighede van die drama; word dikwels deur die gebruik van konflik bewerkstellig

tematiese program – ’n samestelling van aanbiedings rondom ’n geselekteerde tema; items kan d.m.v. musiek en drama aan mekaar gekoppel word

tempo – tydsbeheer; in drama behels dit die soort aksie en stemming

toon – stemgehalte; word deur resonansie beïnvloed; hou verband met die akteur se emosies

toonhoogte – hoe hoog of laag die stem klink

tydsberekening – die presiese gebruik van tyd om dramatiese spanning op te bou en komiese effekte te skep

verbale dinamika – beweging- en klankkombinasies om die betekenis en emosionele gehalte van woorde oor te dra

voorportaal – die ouditorium of ingang na die verhoog of aanbiedingsplek, ook waar kaartjies en programme verkoop word; verwys soms na die beligting wat hier aangetref word

vries –

(i) **as 'n instruksie –** 'n teken aan deelnemers om op te hou praat en beweeg, om in dieselfde posisie te bly totdat 'n teken gegee word om die handeling voort te sit

(ii) **as 'n tegniek –** gewoonlik om 'n toneel te begin of te beëindig; kan tydsverloop aandui of stukke of tonele met mekaar verbind

Musiek

accelerando – versnelling; dui 'n geleidelike spoedversnelling aan

aërofoon – van die genre blaasinstrumente in Afrikamusiek (bv. Dinaka- en Tshikona-enkelnootfluite)

artikuleer – die maak van duidelike sang- of musiekklanke, soortgelyk aan duidelike klankvorming in spraak

blaasinstrumente – verwys gewoonlik na houtblaasinstrumente (soos die fluit, klarinet)

blues – 'n soort volksmusiek wat sy oorsprong in Afrika het en veral gewild onder swart Amerikaners is

dinamika – woorde, afkortings en tekens wat gebruik word om die hardheid en sagtheid van klanke aan te dui

idiofoon – musiekinstrument wat net een toon voortbring en in een element die kenmerke van sowel vibrator as resonator byeenbring, bv:

(i) **teen mekaar slaan –** simbale, klappers, kastanjette
(ii) **slaan –** klok, ghong, houtblokke, klokkespel, xilofoon, metallofoon
(iii) **stamp –** trom
(iv) **teen die grond stamp –** stokke, buise, kalbasse
(v) **skud –** ratels
(vi) **skraap –** gekerfde stokke, skulpe
(vii) **pluk –** trompie/mbira, musiekdoos
(viii) **vryf of wrywing –** musiekglase

jazz – 'n soort musiek wat in Amerika ontstaan het en deur gesinkopeerde ritmes, improvisasies en 'n verskeidenheid harmoniese uitdrukkings en instrumentele tegnieke gekenmerk word

kanon – streng nabootsing, of ’n komposisie waarin nabootsing die hoofrol speel

knettering – ’n struktuur wat dikwels gebruik word om vokaliese effekte tot ’n hoogtepunt te bring (soos die klimaks in Afrikamusiek wat deur byvoorbeeld ululasie of mondtromspel bewerkstellig word)

koperblaasinstrumente – die trompet, horing en verwante instrumente

kwaito – ’n gewilde Suid-Afrikaanse “township”-musiek, gekenmerk deur herhalende, kort liriese verse wat saam met vokaliese tegnieke soos rap, poësie en koorkantering gebruik word

kwartnoot – ’n kwart van ’n hele noot

kwassa-kwassa – populêre sang-en-dansmusiek uit Wes-Afrika

malombo – ’n Venda-woord wat verwys na die voorsate; ’n Suid-Afrikaanse musiekgenre wat uit ’n vermenging van style bestaan (bv. dit herinner aan voorouerlike musiek, maar bevat ook jazz, skielike pouses en wisselende tyd- en tempotegnieke) en deur dr. Philip Tabane aan die musiekwêreld bekendgestel is

melofonie – harmonisering van harmoniese tone

meloritmiese instrument– musiekinstrument wat ’n besliste toonhoogte met ’n smal tonale reeks voortbring; gewoonlik twee tot drie primêre toonvlakke in harmonie (bv. Sentolontolo, Botsorwane, marimba, en die Nigeriese “sling ilu”-trom

membranofoon– ’n familie tromme met ’n huid wat ’n resonerende klank voortbring

mondtromspel – meloritmiese klank-trom-sangvermenging; klanknabootsing; word gebruik om ’n musieksituasie tot ’n hoogtepunt te bring of opwindende vokaliese effekte te skep

pentatoniese toonleer – ’n toonleer wat uit vyf note sonder halwe tone bestaan

perkussie – klanke wat deur slae en slaginstrumente voortgebring word

polifonie – musiek wat gekomponeer is om uit relatief onafhanklike dele te bestaan

poliritmies – gelyktydige gebruik van kontrasterende ritmes in verskillende dele van ’n musiekkomposisie, word ook kruisritmes genoem

rietjie – die praatdeel van ’n instrument wat ook dikwels die mondstuk vorm

ritme – die vloei van aksente en ander soorte uitdrukkings wat aan ’n komposisie lewe gee

rondelied – ’n eenvoudige vokaliese vorm wat in twee of drie dele ontwerp word. In ’n driedelige rondelied breek die hele melodie op in drie gelyke dele wat harmonies bymekaar pas; elke stem val in wanneer die vorige stem met die volgende musiekreël begin, en begin dadelik oor wanneer die einde bereik word.

sestiende noot – ’n sestiende van ’n hele noot

slaginstrumente – instrumente wat klank voortbring wanneer ’n mens op ’n styfgespande membraan, ’n stuk metaal, hout of enige soort materiaal in enige vorm slaan (bv. ’n trom, simbaal)

snaar – ’n styfgespande stuk derm, sy of draad wat vry kan vibreer

soukous (soekoe) – ’n populêre musiekvorm uit Sentraal-Afrika

tekstuurvermenging – ’n harmonieuse klank wat geskep word deur die foniese kenmerke van instrumente met verskillende toonkleure te kombineer

timbre (toonkleur) – kenmerkende klankgehalte wat deur ’n bepaalde stem of instrument voortgebring word

toonhoogte – hoe hoog of laag ’n klank is; ’n hoë of lae toonhoogte is een van die kenmerke van ’n noot; die toonhoogte van ’n noot verhoog namate die frekwensie daarvan toeneem

toonleer –

(i) ’n ordening van klanke volgens toonhoogte binne ’n oktaaf in toenemende of afnemende volgorde
(ii) die opeenvolging van klanke met ’n bepaalde beginpunt en ’n bepaalde eindpunt en in toenemende of afnemende volgorde

tromtegnieke – verskillende maniere om klank op ’n trom voort te bring (bv. deur dit met die onderste deel van ’n oop handpalm, met die hele, oop handpalm, of meer gedemp met die kant van ’n half toe hand of slegs met die vingers te slaan)

toon – ’n enkele klank met ’n bepaalde toonhoogte, duur en kleur

tydsoorttekens – die twee tekens aan die begin van ’n notebalk (bv. 4/4 of 3/8)

ululasie – ’n struktuurvorm in Afrikamusiek; ’n estetiese aanvulling wat musieksituasies tot ’n hoogtepunt bring

umnqokolo – gesplete toonsang

volume – die hardheid of sagtheid van klanke

vry-kiba – 'n vrye, moderne vorm van die klassieke musiek van die Bapedi, wat kiba genoem word. Dit maak gebruik van die klassieke tromspelstrukture (wat kibo, matikwane en keedisho genoem word) om 'n tipiese tekstuurvermenging van die trom-meloritme te bewerkstellig en vul dié strukture aan met bas, kitaar, klavier, jazz, tromme en kontemporêre harmonieuse sang, terwyl die vrye struktuur rondom tyd en die vokaliese behou word.

Visuele Kunste

anorganies – uit die geboude of vervaardigde omgewing, gewoonlik geometriese vorms en maklik om te kopieer (bv. sirkel, vierkant, reghoek, piramide, sfeer)

driedimensioneel – het 'n volronde vorm (d.w.s. hoogte, breedte en volume); beeldhouwerk wat vrystaande of in reliëf gesien word, is voorbeelde van driedimensionele media

etnies-tegnologies – wanneer etniese kunsvorme met tegnologiese metodes gekombineer word

organies – kom gewoonlik uit die natuurlike omgewing en het unieke eienskappe (bv. modderpoel, son, wolke, dierevorms, plantevorms)

primêre kleure – rooi, blou en geel; alle sekondêre en tersiêre kleure word hieruit gevorm

sekondêre kleure – violet, oranje en groen; word verkry deur gelyke hoeveelhede van twee primêre kleure te meng (bv. rooi + blou = violet; blou + geel = groen; rooi + geel = oranje)

tersiêre kleure – rooiviolet, blouviolet, blougroen, geelgroen, rooioranje, geeloranje; word verkry deur ongelyke hoeveelhede van die drie primêre kleure te meng

toon – die ligtheid of donkerheid van 'n kleur

tweedimensioneel – figure met lengte en breedte op 'n plat oppervlak (soos papier); tekeninge, skilderye en drukwerk is voorbeelde van tweedimensionele media

warm kleure – rooi, pienk, geel en oranje en hul skakerings


TIRISANO
WORKING TOGETHER


TIRISANO
WORKING TOGETHER